# LYFSTRAF AS FASET VAN DIE SKOOLHOOF SE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID IN SEKONDÊRE SKOLE

JACOBUS JOHANNES DU PLESSIS VAN RENSBURG, B.A., B.Ed., H.O.D.

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS
in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. I.J. Oosthuizen

Potchefstroom

Mei 1993

# DANKBETUIGING

Besondere dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig:

- My studieleier, prof. I.J. Oosthuizen, vir sy persoonlike wyse van raadgewing, onmiddellike hulp en positiewe studieleiding.
- Die studiekomitee, prof. P.C. van der Westhuizen, prof. I.J. Oosthuizen en prof. H.J. Steyn vir aanmoediging en hulp.
- Die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om 'n empiriese ondersoek (deur middel van vraelyste) in Transvaalse sekondêre skole te kan doen.
- Die skoolhoofde van die Transvaalse sekondêre skole wat die vraelyste volledig en met 'n goeie gesindheid ingevul het.
- Prof. M.C.A. Seyffert vir keurige taalversorging.
- Mev. E. Mentz vir statistiese hulp.
- Die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO.
- Dr. Peet van Rensburg vir die tipografiese versorging.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir uiters professionele diens.
- My eggenote Koekie en vier kinders Delene, Marlene, Kathleen en Dupie vir hulle ondersteuning en bereidwilligheid om opofferings te maak.

"Want U Here laat die wat vra na u wil, nie in die steek nie."
(*Psalm 9:11*)

# OPSOMMING

## LYFSTRAF AS FASET VAN DIE SKOOLHOOF SE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID IN SEKONDÊRE SKOLE

In hierdie skripsie word lyfstraf as faset van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid in sekondêre skole ondersoek.

Die doel van hierdie navorsing is om die basisse van mag en gesag waarop die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof berus, en die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf, te bestudeer.

Om hierdie doelwit te bereik, is 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek uitgevoer.

In die literatuurstudie is aandag gegee aan die basisse van mag en gesag waarop die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof berus, die aard en wese van lyfstraf en die doelstellings vir die toediening van lyfstraf. Daar is ook aandag gegee aan die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf en probleme wat daarmee ondervind word. Ten slotte is daar gekyk na die argumente van die voor- en teenstanders van lyfstraf. Die literatuurstudie is onderneem vanuit 'n Onderwysreg perspektief.

'n Empiriese ondersoek het getoon dat lyfstraf as opvoedkundige tugmiddel nog deur die ouers van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal aanvaar word, maar dat die skoolhoofde in 'n groot mate nie al die juridiese vereistes vir lyfstraf nakom nie alhoewel hulle verklaar dat hul wel bewus is van die gesagsbronne wat lyfstraf in skole reël.

Moontlik dui hierdie probleem wat by hoofde voorkom op 'n leemte in die sillabus van die tersiêre onderriginstansies in Onderwysreg in die RSA.

Ten slotte is sekere aanbevelings op grond van die navorsing gemaak om die voortbestaan van lyfstraf as opvoedkundige tugmiddel te verseker.

# SUMMARY


## CORPORAL PUNISHMENT AS FACET OF THE PRINCIPAL'S COMPETENCE OF CONTROL IN SECONDARY SCHOOLS

The purpose of this thesis is to look into and investigate corporal punishment as facet of the principal's competence of control in secondary schools.

Research has been done in order to study:

- the power and authority base on which the principal's competence of control rely, and
- the pedagogical juridical directives for corporal punishment.

To achieve these goals a literary study and empirical investigation has been completed.

In the literary study specific attention has been paid to the power and authority base on which the principal's competence of control rely, the nature of corporal punishment and the aim for administering corporal punishment. Attention has also been paid to the pedagogical juridical directives and the problems caused by administering corporal punishment. Consideration was given to the arguments of those who prefers corporal punishment in schools. The study has been done in perspective of the Law of Education.

An empirical investigation has clearly indicated that corporal punishment as a pedagogical way of punishment is not under pressure from the parents. Some of the principal's however, although they are familiar to the authority bases which refer to corporal punishment, tend to ignore some of the juridical directives which control corporal punishment.

A possible explanation for the above mentioned problem can be that the tertiary educational institutions for the Law of Education in South Africa may have a lack in their syllabus.

Guidelines have been laid down following the investigation to ensure corporal punishment as a pedagogical way of punishment.

# INHOUDSOPGAWE


Dankbetuiging ..... ii

Opsomming ..... iii

Summary ..... iv

Lys van Figure en Tabelle ..... xi

HOOFSTUK 1 : ORIËNTERING ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 BEGRIPSVERHELDERING ..... 1

1.3 PROBLEEMSTELLING ..... 2

1.4 DOEL MET DIE NAVORSING ..... 3

1.5 TERREIN VAN NAVORSING ..... 3

1.6 METODE VAN NAVORSING ..... 3

1.6.1 Literatuurstudie ..... 3

1.6.2 Empiriese ondersoek : Meetinstrument ..... 4

1.6.2.1 Vraelys ..... 4

1.6.2.2 Telefoniese onderhoude ..... 4

1.6.2.3 Populasie ..... 4

1.6.2.4 Statistiese tegnieke ..... 4

1.7 HOOFSTUKINDELING ..... 5

1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING ..... 5

**HOOFSTUK 2 : DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN DIE SEKONDÊRE SKOOL TEN OPSIGTE VAN LYFSTRAF ........... 6**

2.1 INLEIDING ........................................ 6

2.2 BEGRIPSVERHELDERING : BEHEERSINGSBEVOEGDHEID ........... 6

2.3 MAG EN GESAG AS MANIFESTERINGSVORME VAN BEHEERSINGSBEVOEGDHEID ........................... 8

2.3.1 Inleiding ................................ 8

2.3.2 Begripsverheldering: Mag ................ 8

2.3.2.1 Dwangmag ..................... 9

2.3.2.2 Beloningsmag ................. 9

2.3.2.3 Kundigheidsmag ............... 9

2.3.2.4 Verwysingsmag ................ 9

2.3.2.5 Wettige mag .................. 9

2.3.3 Begripsverheldering: Gesag ............... 10

2.3.3.1 Die skoolhoof en sy Godgegewe gesagsposisie ........... 10

2.3.3.2 Gesagsbasisse ................ 11

2.3.3.3 Samevatting .................. 17

2.4 AARD EN WESE VAN LYFSTRAF ...................... 18

2.4.1 Inleiding ................................ 18

2.4.2 Begripsverheldering ...................... 19

2.4.3 Die gerigtheid van lyfstraf .............. 20

2.4.3.1 Vergelding ................... 20

2.4.3.2 Verbetering .................. 21

2.4.3.3 Afskrikmiddel ................ 21

2.4.3.4 Voorkoming .....21

2.4.3.5 Gebalanseerde opvoedkundige straftoediëning .....22

2.5 DOELSTELLINGS VIR DIE TOEPASSING VAN LYFSTRAF .....22

2.5.1 Opvoeding en guns van die kind .....22

2.5.2 Instandhouding en welsyn van die inrigting .....23

2.6 OPVOEDKUNDIGE JURIDIESE RIGLYNE VIR LYFSTRAF .....23

2.6.1 Statutêre riglyne .....24

2.6.1.1 Watter oortredings regverdig lyfstraf .....24

2.6.1.2 Vereistes van 'n ondersoek .....24

2.6.1.3 Vereistes van lyfstraf in skole en koshuise .....24

2.6.1.4 Verbod op lyfstraftoediening .....25

2.6.2 Gemeenregtelike riglyne .....25

2.6.2.1 Die reëls van natuurlike geregtigheid .....26

2.6.2.2 Die liggaamlike en geestelike toestand van die kind tydens tug .....26

2.6.2.3 Die in loco parentis-beginsel .....27

2.6.3 Regsprekende riglyne .....27

2.6.3.1 Voorbeelde van hofbeslissings wat lyfstraf aanspreek .....28

2.7 PROBLEME MET DIE TOEPASSING VAN LYFSTRAF .....29

2.7.1 Argumente teen die toediening van lyfstraf .....29

2.7.2 Die oorskryding van tugbevoegdheid .....33

2.8 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE TOEDIENING VAN LYFSTRAF .....34

2.9 SAMEVATTING .....36

**HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK** ........ 38

3.1 INLEIDING ........ 38

3.2 NAVORSINGSONTWERP ........ 38

3.2.1 Die vraelys as meetinstrument ........ 38

3.2.2 Loodsondersoek en finalisering van vraelys ........ 38

3.2.3 Konstruksie van die vraelys ........ 38

3.2.4 Administratiewe prosedure (Transvaalse Onderwysdepartement) ........ 39

3.2.5 Populasie en steekproef ........ 39

3.2.6 Vraelyste uitgestuur en terugontvang ........ 40

3.2.7 Gestruktueerde telefoniese opnames ........ 40

3.2.8 Statistiese tegnieke ........ 40

3.2.8.1 Die S.A.S.-program ........ 40

3.2.8.2 Frekwensie-ontledings ........ 41

3.2.8.3 Variansieanalise ........ 41

3.3 INTERPRETASIE VAN DATA ........ 41

3.3.1 Biografiese besonderhede ........ 41

3.3.1.1 Ouderdom van respondente ........ 44

3.3.1.2 Ervaring as skoolhoof ........ 44

3.3.1.3 Aanstelling as hoof ........ 44

3.3.1.4 Indeling van hoofde in kategorieë ........ 44

3.3.1.5 Onderwysbestuurskwalifikasies ........ 45

3.3.1.6 Onderwysregskwalifikasies. ........ 45

3.3.1.7 Geslag van die skoolhoofde ........ 46

3.3.1.8 Profiel van die respodente .....46

3.3.2 Demografiese besonderhede .....46

3.3.2.1 Aantal leerlinge in die skool .....46

3.3.2.2 Ligging van die skool .....48

3.3.2.3 Skooltipe .....48

3.3.3 Mag en gesag as determinante van die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof .....48

3.3.3.1 Mag as determinant .....49

3.3.3.2 Gesagsbronne .....50

3.3.4 Juridies opvoedkundige riglyne .....51

3.3.5 Juridies opvoedkundige vereistes .....53

3.3.6 Teenkanting teen lyfstraf .....56

3.3.6.1 Ouerdruk teen lyfstraf .....56

3.3.6.2 Hofsake as gevolg van lyfstraf .....58

3.3.7 Die gerigtheid van lyfstraf .....59

3.3.8 Tweerigtingfrekwensies .....60

3.3.8.1 Verband tussen die onderwysregskwalifikasies en gebruik van logiese afleidings vanaf die beskikbare gesagsbronne .....60

3.3.8.2 Verband tussen die ouergesindheid ten opsigte van die toediening van lyfstraf op die platteland en in die stedelike gebiede .....62

3.4 SAMEVATTING .....62

**HOOFSTUK 4 : SAMEVATTING, BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN EVALUERING VAN LYFSTRAF AS FASET VAN DIE BEHEERSINGS-BEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN DIE SEKONDÊRE SKOOL .....63**

4.1 SAMEVATTING .....63

4.2 BEVINDINGS .....64

4.2.1 Bevindings op grond van die literatuurstudie .....64

4.2.2 Bevindings van die empiriese ondersoek .....65

4.3 'N EVALUERING VAN LYFSTRAF AS FASET VAN DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN SEKONDÊRE SKOLE .....67

4.4 AANBEVELINGS .....69

4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing .....69

4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing .....72

4.5 SLOTOPMERKING .....73

**BIBLIOGRAFIE** .....74

**BYLAE A**

**Vraelys** .....80

**BYLAE B**

**Brief aan die Uitvoerende Direkteur: Onderwys, Transvaalse Onderwysdepartement** .....88

**BYLAE C**

**Toestemmingsbrief van die Uitvoerende Direkteur: Onderwys, Transvaalse Onderwysdepartement** .....90

**BYLAE D**

**Brief aan die skoolhoofde van Transvaalse sekondêre skole** .....93

# LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGUUR 2.1
Die beheersingsbevoegdheid van die onderwyser . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

TABEL 3.1
Vraelyste uitgestuur en ontvang . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

TABEL 3.2
Biografiese gegewens van hoofde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42

TABEL 3.3
Demografiese besonderhede van skole . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47

TABEL 3.4
Mag en gesag as determinante van die beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49

TABEL 3.5
Juridies opvoedkundige riglyne vir lyfstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 51

TABEL 3.6
Juridies opvoedkundige vereistes vir lyfstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

TABEL 3.7
Teenkanting teen lyfstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57

TABEL 3.8
Die gerigtheid van lyfstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

TABEL 3.9
Verband tussen onderwysregskwalifikasies en korrekte interpretasie van gesagsbronne . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

### 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleemstelling en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit. Die doel met die navorsing word aangetoon waarna die navorsingsmetode en uitvoerbaarheid daarvan verduidelik word. Ten slotte word die verloop van die navorsing aangedui, en 'n kort samevatting gegee.

### 1.2 BEGRIPSVERHELDERING

Die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof is vandag een van die belangrikste stutte vir die handhawing van orde in opvoedende onderwys.

Volgens Oosthuizen (1992a:57,58) dui die semantiese ontleding van die begrip *beheersingsbevoegdheid* as 'n samestellende afleiding op die volgende betekenisinhoude: om iets of iemand te "beheers", om "in bedwang te hou" en "meester te wees van". (Vgl. ook Kritzinger *et al.*, 1961:55 en Odendal *et al.*, 1979:75.) "Bevoegdheid" beteken om (Kritzinger *et al.*, 1961 en Odendal *et al.*, 1979): "geregtig" of "gemagtig" te wees, en "bekwaam" of "ervare" te wees. Die semantiese inhoud van eersgenoemde impliseer die *reg* wat op 'n ekstrinsieke grondslag op 'n juridiese basis aan 'n gesagsdraer (i.c. die skoolhoof) toegeken word en wat hom die reg gee om gesag te handhaaf. Die semantiese inhoud van laasgenoemde impliseer die *vermoë* van 'n gesagsdraer (i.c. die skoolhoof) wat op 'n intrinsieke grondslag deel vorm van sy geestestoerusting wat hom in staat stel om gesag te handhaaf.

Uit die voorafgaande blyk dit dat mag en gesag kernmomente vir die beheersingsbevoegdheid van die skool is. Stoner (1982:304) omskryf mag as 'n persoon se vermoë om die gedrag en gesindhede van ander te beïnvloed. Mag hou dus verband met die persoon van die skoolhoof eerder as met die posisie wat hy in 'n organisasie beklee. Gesag dui op die reg wat aan 'n persoon toegeken word om sekere besluite te neem,

opdragte te gee en op 'n besondere wyse op te tree. Sodanige reg het dus 'n juridiese basis en is gekoppel aan 'n besondere posisie eerder as aan 'n bepaalde persoon (Robbins, 1980:240).

Vanuit hierdie basisse funksioneer die skoolhoof om dissipline in die skool te handhaaf. Een van hierdie dissiplinêre maatreëls wat deur hom aangewend word, is lyfstraf.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Groter bewustheid by ouers van wetlike voorskrifte en raamwerke waarbinne lyfstraf toegepas word, dra daartoe by dat tug (met inbegrip van lyfstraf) binne die skoolstelsel, opvoedkundig deeglik verantwoord moet word. Die tendens dat al hoe meer gevalle waar kinders deur onderwysers lyfstraf toegedien is in die howe beland, beklemtoon die sensitiwiteit van die toediening van lyfstraf en moet hoofde en onderwysers hulle deeglik vergewis van die onderwysordonansie waarbinne opgetree moet word (Anon, 1989:2). Dit het nodig geword om duidelikheid te kry ten opsigte van die beheersingsbevoegdheid van skoolhoofde in sekondêre skole wat lyfstraf betref.

Bogenoemde word bevestig deur die hofsaak van John Buckingham vs. die Minister van Opvoeding en Kultuur (1992), wat wyd opslae gemaak het in die pers omdat 'n standerdsesseun wat homself ontbloot het voor die skooldogters, ses houe deur die betrokke onderwyser toegedien is. Regter Lazarus het bevind dat alhoewel die onderwyser al die juridiese bepalings vir lyfstraf nagekom het, die straf nogtans oormatig toegedien is.

Die RSA staan op die drumpel van verreikende konstitusionele veranderinge en die instelling van 'n Handves vir Menseregte is 'n uitgemaakte saak (Bray, 1992:16). Lyfstraf sal dan, soos wat in Namibië die geval was, weer onder die vergrootglas geplaas word en teenkanting daarteen mag toeneem.

Ten einde lyfstraf as dissiplinêre maatreël op korrekte wyse te kan toepas, sal die skoolhoof binne die determinante van die opvoedkundig juridiese riglyne moet opereer.

Die probleem van hierdie navorsing wentel dus om dié vrae:

- Wat is die basis van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid?
- Watter opvoedkundig juridiese riglyne bestaan daar vir lyfstraf?
- In watter mate is die skoolhoof bewus van hierdie riglyne?
- In watter mate word hierdie riglyne toegepas?

## 1.4 DOEL MET DIE NAVORSING

- Om die basisse van mag en gesag waarop die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof berus, te bestudeer.
- Om die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf te bestudeer.
- Om te bepaal in watter mate die skoolhoofde van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal bewus is van die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf.
- Om te bepaal in watter mate die skoolhoofde van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf toepas.

## 1.5 TERREIN VAN NAVORSING

Hierdie skripsie val binne die studieveld van die Onderwysreg. Die literatuurstudie en die empiriese navorsing is gevolglik toegespits op die terrein van die Onderwysreg.

## 1.6 METODE VAN NAVORSING

### 1.6.1 Literatuurstudie

Daar is van primêre en sekondêre bronne gebruik gemaak (boeke en tydskrifartikels). Die gegewens wat uit die bronne verkry is, is geselekteer waarna dit geëvalueer is. Daar is ook gepoog om sinvolle gevolgtrekkings te maak. 'n DIALOG-soektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: Lyfstraf, corporal punishment, tug, tugmaatreëls, dissipline, en discipline.

'n Literatuurstudie is onderneem om probleme rondom lyfstraf en die aard van die beheersingsbevoegdheid van skoolhoofde te bestudeer soos dit in Amerikaanse en Suid-Afrikaanse skole voorkom. Die effek van die afskaffing van lyfstraf in skole en spesifiek die positiewe en negatiewe gevolge wat daaruit voortspruit, is bestudeer. Die invloed van die in loco parentis-beginsel as regverdigingsgrond vir lyfstraf, is ook bestudeer.

### 1.6.2 Empiriese ondersoek : Meetinstrument

#### 1.6.2.1 Vraelys

'n Loodsvraelys is ontwerp en aan drie hoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal voorgelê. Nadat hulle dit voltooi het, is 'n finale posvraelys opgestel en aan die hoofde van Afrikaanse sekondêre skole onder beheer van die TOD in Transvaal gestuur.

Die doel van die vraelys is eerstens om inligting in verband met die beheersingsbevoegdheid van skoolhoofde in die sekondêre skool te kry, en tweedens om die toediening van lyfstraf deur die skoolhoof te ontleed. Die verwerkte inligting het weer 'n bydrae gelewer tot die afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hoofstuk 4 vervat is.

#### 1.6.2.2 Telefoniese onderhoude

Daar is gestruktureerde telefoniese opnames by die blanke tersiêre opleidingsinstansies in Onderwysbestuur in die RSA gemaak.

Die doel van die gestruktureerde telefoniese opnames is om vas te stel of die tersiêre opleidingsinstansies in Onderwysbestuur in die RSA wette-uitleg as volledige komponent in hul kurrikulum aanbied.

#### 1.6.2.3 Populasie

Al die hoofde van die Afrikaanse sekondêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement het die teikenpopulasie gevorm (N=149).

Uit die teikenpopulasie is 'n sistematiese steekproef gedoen ten einde die studiepopulasie te bekom. Die steekproef is 109.

#### 1.6.2.4 Statistiese tegnieke

Die inligting wat verkry is van die 79 vraelyste wat terug ontvang is, is met behulp van 'n SAS-rekenaarprogrampakket verwerk in oorleg met die statistiese konsultasiediens van die P.U. vir C.H.O. Daar is ook gebruik gemaak van eenrigting- en tweerigting-frekwensies, asook enkele variansie-ahalises om inligting uit die respons te verwerk. Die verwerkte inligting het weer 'n bydrae gelewer tot die afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hoofstuk 4 vervat is.

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

- Hoofstuk 1 dien as 'n inleidende hoofstuk waarin daar aandag aan die volgende aspekte gegee word: Die probleem, doel en metode van navorsing, uitvoerbaarheid en hoofstukindeling.
- In hoofstuk 2 word 'n onderwysregtelike perspektief oor die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof in die sekondêre skool ten opsigte van lyfstraf gebied. Aandag word eerstens aan die basis van mag en gesag waarop die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid berus, gegee. Vervolgens word die aard en wese van lyfstraf bespreek, waarna die doel en juridiese riglyne ontleed word. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van die argumente vir en teen lyfstraf.
- Hoofstuk 3 omvat die empiriese ondersoek. Hierin word die vraelys as meetinstrument asook die metode wat gevolg is om die respons te verwerk, uiteengesit. Nadat die data verwerk is, is daar gepoog om sinvolle afleidings vanaf die gegewens uit die respons te maak.
- Hoofstuk 4 dien as die slothoofstuk waarin 'n samevatting van die voorafgaande studie oor lyfstraf as faset van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid in sekondêre skole gegee word. Ten slotte volg enkele bevindinge en aanbevelings.
- As bylae tot hierdie navorsingstuk word die vraelys, die aansoek om verlof vir verspreiding van die vraelyste na die verskillende skole, asook die goedkeuring daarvan deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangeheg.

## 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Uit die voorafgaande blyk dit dat dit nodig geword het om duidelikheid te verkry ten opsigte van die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof in sekondêre skole wat lyfstraf betref. In hierdie hoofstuk is, benewens die feit dat hierdie probleem aangeraak is, ook na die noodsaaklikheid dat skoolhoofde binne die grense van die opvoedkundig juridiese riglyne opereer, gekyk.

In hoofstuk 2 word daar met behulp van 'n toepaslike literatuurstudie na die aard en wese van lyfstraf, die doelstellings vir lyfstraf asook die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf gekyk. Ten slotte word die probleme met die toediening van lyfstraf en die argumente ten gunste van lyfstraf bestudeer.

# HOOFSTUK 2

## DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN DIE SEKONDÊRE SKOOL TEN OPSIGTE VAN LYFSTRAF

### 2.1 INLEIDING

Dit het in die vorige hoofstuk duidelik geword dat die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof beskou kan word as een van die belangrikste stutte vir die handhawing van orde in opvoedende onderwys (Oosthuizen, 1992a:57). Vanuit die probleemberedenering is aangetoon dat mag en gesag, as basisse van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid, verder bestudeer moet word.

In hierdie hoofstuk word die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid gedefinieer en beredeneer waarna meer indringend gekyk gaan word na mag en gesag as manifesteringsvorme van die onderwysbestuurder se beheersingsbevoegdheid. Aangesien die onderwyser in 'n hofgeding betrokke kan raak indien hy sy tugbevoegdheid oorskry ten opsigte van lyfstraf, word daar verder in die hoofstuk aandag gegee aan lyfstraf as 'n faset van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid. Daar word veral gelet op die aard en wese, doelstellings, opvoedkundige juridiese riglyne en probleme wat met lyfstraf gepaard gaan.

### 2.2 BEGRIPSVERHELDERING : BEHEERSINGSBEVOEGDHEID


Oosthuizen (1992a:57) meen dat die begrip *beheersingsbevoegdheid* dui op die volgende betekenisinhoude: om iets of iemand te "beheers", om "in bedwang te hou" en "meester te wees van". (Vgl. ook Kritzinger *et al.*, 1961:55 en Odendal *et al.*, 1979:75). "Bevoegdheid" beteken om (Kritzinger *et al.*, 1961 en Odendal *et al.*, 1979) "geregtig" of "gemagtig" te wees en "bekwaam" of "ervare" te wees. Om geregtig of gemagtig te wees impliseer die *reg* wat op 'n trinsieke grondslag op 'n juridiese basis aan 'n gesagsdraer (i.c. die skoolhoof) toegeken word en wat hom die reg gee om gesag te handhaaf. Om bekwaam of ervare te wees impliseer die *vermoë* van 'n gesagsdraer (i.c. die skoolhoof) wat op 'n intrinsieke grondslag deel vorm van sy geestestoerusting,

en wat hom in staat stel om gesag te handhaaf. Hierdie twee betekenisonderskeidings onderlê die begrippe mag en gesag.

Stoner (1982:304) omskryf mag as 'n persoon se vermoë om die gedrag en gesindhede van ander te beïnvloed. Mag hou dus verband met die persoon van die skoolhoof eerder as met die posisie wat hy in 'n organisasie beklee. Gesag dui op die reg wat aan 'n persoon toegeken word om sekere besluite te neem, opdragte te gee en op 'n besondere wyse op te tree. Sodanige reg het dus 'n juridiese basis en is gekoppel aan 'n besondere posisie eerder as aan 'n bepaalde persoon (Robbins, 1980:240).

Oosthuizen (1992b:97), soos dit in figuur 2.1 aangetoon is, stel die beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder soos volg voor:

*FIGUUR 2.1: Die beheersingsbevoegdheid van die onderwyser*



Uit die voorafgaande blyk dit dus dat mag en gesag kernmomente vir die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof is.

## 2.3 MAG EN GESAG AS MANIFESTERINGSVORME VAN BEHEERSINGSBEVOEGDHEID

### 2.3.1 Inleiding

Leierskap op alle terreine hetsy in die formele of informele sektor, word altyd verbind met mag en gesag (Beach, 1980:476). Die beheersingsbevoegdheid van die onderwysleier word ook onderlê deur mag en gesag, trouens hierdie twee konsepte vorm die basis vir die skoolhoof om te beheers.

Sergiovanni (1988:67) wys daarop dat mag en gesag twee konsepte is wat baie moeilik onderskeibaar is, maar tog bestaan daar wel verskille wat handig aangewend kan word om die verskil in oorsprong, uitdrukking en effek op die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof aan te toon.

### 2.3.2 Begripsverheldering: Mag

Odendal *et al.*, (1979:675) omskryf mag soos volg:" Die vermoë van 'n persoon om met inspanning van alle kragte op te tree". Stoner (1982:304) stem saam dat mag die vermoë van 'n persoon impliseer, maar voeg by dat hierdie vermoë aangewend word om ander te beïnvloed. Oosthuizen (1992a:58) beklemtoon dit dat mag eerder aan die persoon kleef as aan die amp of posisie van die persoon. Hiervolgens is mag dus intrinsiek geknoop aan die maghebber as persoon. Skrywers soos Beach (1980:477) sien mag as nog meer intrinsiek gerig op die vermoë van 'n persoon om beheer uit te oefen oor die doelstellings en metodes wat daardie persoon wil verwesenlik binne die struktuur van die organisasie.

Samevattend kan mag gesien word as die intrinsieke vermoë waaroor 'n persoon beskik om ander so te beheer en te lei dat die doelstellings waarvoor sy betrokke pos geskep is ten volle gerealiseer word. Die manier of metode om bogenoemde te bereik verskil van persoon tot persoon. Sergiovanni en Starratt (1988:69) asook Oosthuizen (1992a:58) onderskei vyf magsbasisse of -bronne wat individueel of in kombinasie aangewend word deur verskillende leiers om uiteindelik die mense onder sy beheer te beïnvloed. Hierdie genoemde magsbasisse is soos volg:

#### 2.3.2.1 Dwangmag

Dwangmag is die vermoë van 'n persoon om andere se gedrag, gesindhede of besluite te beïnvloed deur die gebruikmaking van dwang. Die skoolhoof kan leerlinge wat onnodig afwesig is sonder verskoning daarop wys dat hy/sy gevaar staan om nul te kry vir 'n toets. Sodoende word die leerling gedwing om gereeld sy skoolklasse by te woon.

#### 2.3.2.2 Beloningsmag

Dit is die vermoë van 'n persoon om andere se gedrag, gesindheid of besluite te beïnvloed deur die aanbieding van 'n beloning. Die onderwysbestuurder kan deur leerlinge te motiveer, te bedank, te prys of selfs met 'n waarderende kyk, die klassituasie so beheers dat opvoedende onderrig wel plaasvind.

#### 2.3.2.3 Kundigheidsmag

Dit is die vermoë van 'n persoon om deur die aanwending van sy kennis, vaardighede of kundighede die gedrag, gesindheid en besluite van andere te beïnvloed.

#### 2.3.2.4 Verwysingsmag

Dit is die vermoë van 'n persoon om die gedrag, gesindheid en besluite van andere te beïnvloed deur middel van die respek, bewondering of toegeneentheid wat hulle vir hom het. Die onderwysbestuurder wat altyd korrek optree, word deur sy kollegas en leerlinge gerespekteer. Hierdie respek vir die konsekwente en opregte optrede van die skoolhoof, gee aanleiding daartoe dat die persone onder sy beheer graag ook korrek wil optree.

#### 2.3.2.5 Wettige mag

Dit is die vermoë wat 'n persoon het om die administratiewe hiërargie wat aan sy amp kleef aan te wend om die gedrag, gesindhede en besluite van ander te beïnvloed sonder om daadwerklik sy gesag af te dwing. Wanneer die nuut aangestelde onderwyser sy superintendent vir die eerste keer ontmoet, toon hy reeds respek teenoor die amp wat die superintendent beklee, alhoewel die superintendent hom nie daartoe dwing nie.

Ondersoek het getoon dat alle sektore van die werksgemeenskap meer positief gereageer het wanneer hulle leier wettige en kundigheidsmag aangewend het. Minder positiewe

reaksie is ontvang op die aanwending van belonings - en veral op dwangmag (Sergiovanni & Starratt, 1988:70).

### 2.3.3 Begripsverheldering: Gesag

Gorton (1980:277) definieer gesag as die reg van die onderwysbestuurder om besluite te neem en om aan ondergeskiktes take op te lê wat hulle in belang van die organisasie se doelstellings moet voltooi. Odendal *et al.*, (1979:273) heg 'n tweeledige betekenis aan gesag:

- "Dit is die reg om te beveel - vaderlike of ouerlike gesag".
- "Dit is die reg om te regeer en gesagsgehoorsaamheid te verkry". Robbins (1980:223) sien gesag as "the right to act or command others" terwyl Griessel (1975:55) meen dat gesag verwys na die magtiging om gehoorsaamheid af te dwing.

Uit die voorafgaande kan daar afgelei word dat gesag die reg is wat aan die skoolhoof in sy ampshoedanigheid toegeken word om die goeie orde in die skool te reël. Dieselfde gesag verleen dan ook aan die skoolhoof die reg om neergelegte skoolbeleid en reëls wat die goeie orde moet verseker, af te dwing. Elke opvoedingsituasie is dus gebou op die pilare van erkenning, aanvaarding en gehoorsaamheid aan gesag.

Daar dien daarop gelet te word dat gesag ekstrinsiek gekoppel word aan die besondere pos of amp wat die persoon beklee. Gesag is dus nie gekoppel aan die persoon van die skoolhoof nie, maar aan die amp (pos) van die skoolhoof en kom tot uiting in die onderlinge verhouding tussen die onderwyser (gesagsdraer) en die kind (gesagsvraer) (Oosthuizen, 1992a:58). Die skoolhoof se gesagsposisie in bogenoemde verhouding word deur God self bevestig sodat opvoedende onderrig kan plaasvind.

#### 2.3.3.1 Die skoolhoof en sy Godgegewe gesagsposisie

Van der Walt en Dekker (1982:280) verwys na Romeine 13:1 waarin bepaal word dat dit God is wat die gesagsdraer met gesag beklee, want daar is geen ander gesag buiten die gesag van God nie. God beskik oor die "absolute gesag" en die mens oor "gedelegeerde gesag".

Die skoolhoof word deur God, as outeur van alle gesag, met die nodige gesag beklee om orde binne die skool te handhaaf. Om die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof

vir alle belanghebbendes aanvaarbaar te maak, moet die belanghebbendes bewus wees van hierdie besondere gesagsposisie van die onderwysbestuurder (Oosthuizen, 1992a:58).

Samevattend kan die Godgegewe gesag van die skoolhoof gesien word as die aanwending van 'n Godgegewe reg om daarmee die opvoedeling te beïnvloed. Hierdeur word 'n ordelike klimaat geskep in die skool, ooreenkomstig die maatreëls wat die betrokke owerhede daargestel het, sodat die opvoeding tot volle reg kan kom.

Die gesagsposisie van die skoolhoof word ook deur verskeie gesagsbasisse bevestig en versterk.

Die belangrikste gesagsbasisse word vervolgens bespreek.

### 2.3.3.2 Gesagsbasisse

'n Gesagsbasis word hoofsaaklik deur wetgewing, maar ook deur die gemene reg daargestel om die reg van die skoolhoof om gesag te handhaaf, te bevestig (Oosthuizen, 1992b:103). Die onderwys funksioneer nie in 'n regsvrye gebied nie omdat alle handeling op die onderwysterrein, óf dit nou 'n bestuurs- óf opvoedkundige handeling is, 'n regsgrondslag het. So het alle onderwysliggame die bevoegdheid om die orde te reël deur middel van beleide en reëls ten einde opvoedende onderwys se ordelike verloop te verseker. Meer spesifiek het die skoolhoof bepaalde regte, bevoegdhede en verpligtinge teenoor die ouers en die leerlinge (Bray, 1988:5).

Wetgewing is een van die belangrikste juridiese kenbronne van die skoolhoof se gesagsposisie en bevestig op 'n kragtige wyse die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof.

#### □ Wetgewing

In die RSA word die publieke sowel as die staatsondersteunde onderwys hoofsaaklik gereël deur wetgewing van die Parlement en liggame soos onderwysowerhede wat gedelegeerde wetgewende gesag het (Van Wyk,1987:16). Statutêre reëlings om die onderwys te orden, word op al drie vlakke van die regering aangetref, naamlik eerste, tweede en derde vlak.

- Eerstevlakwetgewing

  Hoewel daar 'n hele aantal onderwyswette op eerste of parlementêre vlak uitgevaardig is, is die vernaamste onderwyswet van algemene sake die 1983-grondwet

en die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, Wet 76 van 1984 (Bray, 1988:10), omdat juis hierdie wet die gesagsposisie van die skoolhoof bevestig. Binne blanke onderwys word die gesagsposisie van die skoolhoof sowel as sy reg om kinders te beheer, te dissiplineer en te skors statutêr gereël in Artikel 64 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet 70 van 1988) (Bray, 1988:10; Oosthuizen, 1992a:59).

- Tweedevlakwetgewing
  Die verskillende ministers van onderwys vaardig op tweede vlak regulasies uit binne die reikwydte van eerstevlakwetgewing (Oosthuizen, 1992a:59). Hierbenewens het die verskillende direkteure van onderwys op tweede vlak die gesag om deur middel van omsendbriewe, omsendminute en beleidstukke soos handleidings vir skoolorganisasie die regulasies verder te verfyn. Bogenoemde bevestig die gesagsposisie van die skoolhoof en skep 'n gesagsbasis waarvandaan die skoolhoof sy beheersingsbevoegdheid kan uitoefen. Die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad, 1988) bepaal in Regulasie 4 dat skorsing deur die uitvoerende direkteur van onderwys van 'n spesifieke onderwysdepartement, die skoolhoof of die superintendent van onderwys uitgevoer mag word. 'n Skoolhoof moet sy besluit om 'n leerling te skors in samewerking met, en die medewete van die superintendent van onderwys neem (Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, Volksraad, 1988).

- Derdevlakwetgewing
  Op derde vlak is die belangrikste wetgewende liggame die skool, bestuursliggaam en ander nie-statutêre ouer-onderwysersverenigings. Die hoof en sy bestuur stel die skoolbeleid op wat hoofsaaklike personeelaangeleenthede reël, terwyl algemene skool- en klaskamerreëls leerlinggedrag orden (Bray,. 1988:14; Oosthuizen, 1992a:59).

□ **Geïmpliseerde gesag**

Baxter (1984:404) omskryf geïmpliseerde gesag as daardie optrede wat logieserwys of noodsaaklikerwys nodig is om uitvoering te gee aan 'n opdrag of 'n bevoegdheid wat uitdruklik (bv. deur wetgewing) gemaak is.

Ingevolge Artikels 7, 64 en 107 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet 70 van 1988) word die "beheer van leerlinge" by staatskole en staatsondersteunde skole aan die onderwysbestuurder opgedra. Hierdie beheer van leerlinge impliseer onder

andere dat die skoolhoof dissiplinêre maatreëls soos lyfstraf of skorsing mag aanwend ten einde die goeie orde te reël in die skool (Oosthuizen, 1992a:59).

### □ Gemene regsbronne

Volgens Bray (1988:18) word die Suid-Afrikaanse gemene reg beskou as die deel van ons regstelsel wat uit die Romeins-Hollands en Engelse reg gegroei het. Gemene reg is nie statutêr vasgelê nie, maar is opgetekende werke van ou regskrywers en regsuitprake. Van Wyk (1987:22) voeg by dat ons hedendaagse gemene reg nie identies is aan die destydse reg nie, maar mettertyd is sekere beginsels gewysig en aangepas by ons hedendaagse samelewing.

Van Wyk (1987:22) toon aan dat wanneer sake deur sowel wetgewing as die gemene reg gereël word, het ons met 'n vervlegting van regsreëls te doen. Die gemene reg is dan slegs aanvullend tot wetgewing. Van Wyk (1987:22) gaan voort en toon aan dat verskeie onderwysaangeleenthede onder laasgenoemde kategorie ressorteer, byvoorbeeld tug en lyfstraf, die in loco parentis-beginsel en die kwasi-judisiële handeling. Bogenoemde regsbeginsels onderstreep die gesagsposisie van die skoolhoof en word vervolgens bespreek.

- Die in loco parentis-beginsel

  Die in loco parentis-beginsel is nie 'n onderwyskonsep nie, maar vind sy oorsprong in die gemene reg. Dit is veral van toepassing gewees op die baas-vakleerling-verhouding en is eers teen die middel van die vorige eeu aangewend vir die onderwyser-leerling verhouding. In loco parentis is daarna algemeen aangewend as 'n verdedigingsmiddel teen aanklagte van ongemagtigde optrede en om lyfstraf in skole te regverdig (Hammes, 1982:8).

  In die verre verlede het die baas volle beheer gehad oor die doen en late van die vakleerling. Volgens Hammes (1982:8) moes die baas ook materiële versorging bied (kos/klere/skuiling/medies) en dissipline toepas volgens sy beste oordeel.

  In loco parentis in die skoolopset word deur Hammes (1982:8) beskou as 'n wettige konsep wat deur die hedendaagse howe ontwikkel is om te toon dat die onderwyser onder sekere omstandighede die status van 'n kind se ouers besit. Bogenoemde was aanvanklik nodig om die onderwyser te beskerm en om grense

te bied ten opsigte van die gesagstoepassing deur die onderwyser. Onderwysers mag egter nie die grense oorskry nie.

Die hof verduidelik in loco parentis soos volg: Die onderwyser se oordeel word as korrek aanvaar omdat hy die regter is, en ook omdat dit so moeilik is om die oortreding te verduidelik wat gekorrigeer word omdat dit gepaardgaan met sekere emosies en gewoontes wat nie altyd sigbaar is in die hof nie, maar wel die oordeel van die betrokke onderwyser beïnvloed het (Zirkel en Reichner, 1987:467).

Zirkel en Reichner, (1987:467) onderskei die volgende wesenlike eienskappe ten opsigte van in loco parentis:

- 'n Direkte verhouding moet bestaan tussen die oortreder en die persoon wat straf.
- Dit moet 'n onderwyser wees wat die leerling goed ken en weet oor watter eienskappe die leerling beskik. So 'n onderwyser kan goed onderskei of lyfstraf nodig is al dan nie. Die superintendent van onderwys word dus nie beskerm deur die beginsel van in loco parentis nie.

Hammes (1982:9) voeg by dat dit algemeen aanvaar word dat die onderwyser se in loco parentis-rol beperk word tot daardie tyd wat die kind onder die skool se toesig is. Dus het die onderwyser net soveel in loco parentis-gesag as wat nodig is om sy verantwoordelikheid uit te oefen.

Die in loco parentis-verhouding sal dus ook geld tydens toere en uitstappies onder toesig van die skool, en nie net tydens formele skoolure nie. Sendor (1985:23) toon aan dat die onderwyser wel kan straf vir oortredings buite skoolverband, maar slegs indien dit die skoollewe beïnvloed. Heaton (1987a:399) brei hieroor uit met haar standpunt dat die onderwyser slegs bevoeg is om die kind se gedrag in die skool of kosskool te beheer en nie daarbuite nie. Indien die wangedrag van die kind egter die skoolklimaat beïnvloed, mag die onderwyser wel optree, byvoorbeeld as die kind die koshuis sonder toestemming verlaat. Zirkel en Reichner (1987:469) meen dat in loco parentis slegs by die deur van die ouerhuis stop solank as wat die leerling onder die skool se toesig is. Dit is belangrik dat die onderwyser optree binne die professionele opdrag waarvoor hy in diens geneem is en nie die grense, ten opsigte van sy in loco parentis-verhouding met die kind oorskry nie.

Hammes (1982:9) stel 'n beperking ten opsigte van in loco parentis, naamlik dat dit beperk is tot opvoedkundige en dissiplinêre aksies om 'n goeie klimaat leer bevorder daar te stel. Onderwysers mag nie optree op 'n terrein waar hulle kennis beperk is nie, byvoorbeeld om wonde wat deur lyfstraf veroorsaak is te behandel nie.

Ten spyte van al die probleme verbonde aan die in loco parentis-beginsel, soos dit na vore kom in die Europese en Amerikaanse reg, het in loco parentis een groot voordeel; dit is nog altyd maklik deur almal wat in die onderwys betrokke is verstaan, en is maklik oordraagbaar vanaf een onderwysinstansie na 'n ander (Fass, 1986:40).

Oosthuizen (1992a:59) wys ten slotte daarop dat die skool met sy eiesoortige karakter as 'n samelewingsverband, 'n eiesoortige wyse van gesagshandhawing besit. Gesagshandhawing binne skoolverband is gerig op die handhawing van orde en die beskerming van die regte van die deelnemers aan die opvoedende onderwysgebeure. Die verfynde tipering van gesagshandhawing word in die onderskeie onderwysregulasies en departementele beleidstukke gevind. Die in loco parentisverhouding ten opsigte van die kind bied aan die skoolhoof die oorspronklike bevoegdheid om bogenoemde te bereik.

Dit is opmerklik dat regter Horwitz in die hofuitspraak van Rex vs. Muller (1948) telkens die posisie van die onderwyser gelykstel aan die van die vader teenoor sy gesin. Regter Horwitz beklemtoon die in loco parentis-verhouding waarin die onderwyser teenoor die kind staan en wys daarop dat die onderwyser oor oorspronklike tugbevoegdheid beskik, wat aan hom die nodige beheersingsbevoegdheid gee waarmee hy die dissipline in die bepaalde onderwysinrigting kan beskerm en die welsyn van die leerlinge kan verbeter.

- Kwasi-judisiële bevoegdheid

In die saak Rex vs. Jacobs wat in 1941 verhoor is, het regter R. van den Heever gesê dat die onderwyser se handeling kwasi-geregtelik is wanneer hy na 'n ondersoek en volgens sy diskresionêre oorweging 'n leerling onskuldig of skuldig bevind en tugtig of volgens sy diskresie besluit om hom nie te tugtig nie. Hy sê voorts: "mits hy ter goeder trou handel sal die howe nie inmeng met die korrektheid van sy bevinding nie".

Kwasi-judisiële bevoegdheid is onder andere die bevoegdheid wat 'n onderwyser het om binne perke van die reg sy diskresie uit te oefen om besluite by die uitoefening van tug te neem (Oosthuizen, 1992b:109). Die skoolhoof het byvoorbeeld die reg om, nadat al die omstandighede in ag geneem is, sy diskresionêre bevoegdheid uit te oefen by die neem van 'n besluit of

- 'n leerling skuldig is aan wangedrag;
- die leerling geldige redes aanvoer vir sy oortreding; en
- watter strafvorm aangewend behoort te word.

Alhoewel kwasi-judisiële handelinge lyk na 'n regsgeldige handeling (Wiechers, 1984:138), het dit nie dieselfde jurisdiksie as byvoorbeeld die uitspraak van 'n regter nie, omdat dit nie in die hof plaasvind nie en die handeling ook nie deur 'n regsbevoegde amptenaar uitgevoer word nie.

Die kwasi-judisiële handeling moet ook baie versigtig toegepas word aangesien dit moet voldoen aan die reëls van natuurlike geregtigheid (Oosthuizen, 1992a:60). Die individuele reëls kan kortliks soos volg opgesom word (Bray, 1988:65-66):

- Die persoon op wie se regte en voorregte inbreuk gemaak word, moet die geleentheid kry om sy saak skriftelik of persoonlik te stel (audi alteram partem-reël);
- feite oor die aanklag(te) teen die persoon moet aan hom oorgedra word sodat hy sy saak kan verdedig;
- redes moet verskaf word waarom die gesagsinstansie teen die persoon optree;
- die gesagsinstansie of liggaam moet onbevooroordeeld wees in die saak, en
- slegs relevante feite word genoem in die saak.

Regspraak, as gesagsbron, bevestig voortdurend die gesagsposisie van die skoolhoof en gee ook duidelikheid oor wetgewing in hofsake wat handel oor onderwysgeskille.

- Regspraak

Alhoewel die howe primêr met die vertolking en toepassing van die reg gemoeid is, gaan die howe tog ook regskeppend te werk (Wiechers, 1984:35). So het die howe al ten opsigte van vele onderwyssake regskeppend opgetree. Belangrike uitsprake is byvoorbeeld gegee insake die redelikheid van tugmaatreëls (Van Wyk, 1987:25). Oosthuizen (1992a:60) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat onderwysbestuurders wie se beheersingsbevoegdheid telkens in hierdie regspraak

bevestig word, hiervan kennis moet neem sodat hy sy beheersingsbevoegdheid met groter sekerheid kan toepas.

In die saak van Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur (1992) het regter Lazarus in sy uitspraak bevestig dat die beheersingsbevoegdheid van die onderwyser nog steeds ondersteun word deur wetgewing; "It is lawful and not unconstitutional and the only limits are those imposed by the relevant legislation and the interpretation thereof by the courts."

Die enigste saak in die VSA wat lyfstraf konstitusioneel bespreek, Ingraham vs. Wright (1977), het nie 'n definitiewe uitspraak kon lewer teen die in loco parentis-beginsel nie. Die regter het voortgegaan en in sy uitspraak melding gemaak van die oorspronklike tugbevoegdheid wat die staat aan die onderwyser oordra deur middel van onderwyswette, sodat volledige opvoedkundige onderrig aan die leerling, en groepsdissipline in stand gehou kan word (Zirkel en Reichner, 1987:467).

- Statuskontrak

Die dienskontrak wat tussen die staat en die onderwyser gesluit word, beklee die onderwyspos met n besondere status wat aan hom bepaalde bevoegdhede, vryhede en verpligtinge verleen. Die onderwyser, as verteenwoordiger van die staat word met owerheidsgesag beklee waar hy in bepaalde ongelyke regsverhoudings staan, byvoorbeeld teenoor die kind (Bray, 1988:27). Hierdie owerheidsgesag waarmee die skoolhoof beklee word, stel hom in staat om op 'n redelike wyse gesag te handhaaf, sodat opvoedende onderwys ordelik kan verloop.

#### 2.3.3.3 Samevatting

Uit die voorafgaande het dit dus duidelik geword dat mag en gesag 'n belangrike en onontbeerlike basis vorm vir die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof. Vir die skoolhoof is dit van groot belang om bewus te wees van sy mags- en gesagsbasis sodat hy uiteindelik in staat daartoe is om al die mag en gesag aan te wend wat tot sy beskikking is; dusdoende kan opvoedende onderrig tot volle verwesenliking kom.

Bogenoemde impliseer ook dat dit op die weg van die onderwysbestuurder lê om algemene dissiplinêre reëls te skep met die oog op die ordelike instandhouding van die skool en die skoolgemeenskap, en om die leerling tot gehoorsaamheid te roep aan die

gesag wat oor hom gestel is. Sodanige dissipline gaan gepaard met sekere tughandelinge wat verskeie vorme kan aanneem soos vermaning, bestraffing, berisping en teregwysing. Vir die doel van hierdie studie word veral gekyk na lyfstraf as strafvorm wat vandag al hoe meer eise aan die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof stel.

## 2.4 AARD EN WESE VAN LYFSTRAF

### 2.4.1 Inleiding

Bybelskrywers van die Ou Testament was nie ingestel op 'n abstrakte onderwerp soos gesag, dissipline of gehoorsaamheid as sodanig nie. Opvoeding het altyd in diens van die geloof gestaan en gehoorsaamheid is streng met harde metodes tuisgebring. As iemand egter wou luister, het verdere straf nie gevolg nie (Prinsloo, 1990:51).

In die Nuwe Testament (Efesiërs 5:21 -6:9) word die verhouding tussen man en vrou, ouer en kind en eienaar en slaaf bespreek. Prinsloo (1990:51) konstateer dat die kind vermaan word tot gehoorsaamheid aan die ouer alhoewel nie ongekwalifiseerd nie. Die vader se verantwoordelikheid is om nie die kind so te behandel dat hy opstandig word nie (Prinsloo, 1990:51).

Lyfstraf word wel in die Bybel aangeprys as tugmiddel in Spreuke 20:30 en Efesiërs 6:4. Die vereiste wat egter gestel word is dat dit toegepas word waar daar 'n liefdevolle verhouding bestaan soos tussen 'n vader en 'n seun.

Rich (1989:149) toon aan dat lyfstraf histories die belangrikste strafmiddel was in die Westerse onderwys. Vandag het dit skerp afgeneem in Europa, tog is lyfstraf nog in sekere state in gebruik in die VSA, Engeland en ander lande.

In die RSA verkeer lyfstraf as tugmiddel onder al hoe groter wordende druk. In die onlangse hooggeregshofsaak van John Buckingham vs. die Minister van Onderwys en Kultuur (1992) is bevind dat die lyfstraf wat aan 'n standerd 6-leerling toegedien is "oormatig" was. Hierdie hofuitspraak het weerklank gevind in die parlement toe 'n dringende pleidooi, kort na die hofsaak, gelewer is vir die afskaffing van lyfstraf in skole (Parlementêre redaksie, 1992:8). Die toediening van lyfstraf is deur sekere lede van die parlement gesien as "verouderd, barbaars en sinloos."(Parlementêre redaksie, 1992:8.)

Die feit dat ouers vandag deeglik bewus is van die wetlike voorskrifte waarbinne lyfstraf toegepas word en al hoe meer gevalle waar onderwysers lyfstraf toegedien het in die hof beland, maak dit noodsaaklik dat die skoolhoof opnuut kennis neem van die onderwysregulasie waarbinne opgetree moet word (Anon, 1989:2).

### 2.4.2 Begripsverheldering

Clarke *et al.*,(1982:49) omskryf lyfstraf soos volg: "Die toediening van pyn of verlies van persoonlike vryheid om 'n sekere oortreding te straf." Hy verduidelik voorts dat die toediening van pyn nie noodwendig beperk is tot 'n pak slae nie, maar kan ook beteken dat die leerling ander vorme van ongemak kan verduur, byvoorbeeld om in 'n hoek te staan of enige ongemak wat die kind liggaamlik ervaar as gevolg van die straf.

Rich (1989:149) definieer lyfstraf so : "Chastisement inflicted on the body in order to modify behaviour."

Beide skrywers verwys dus na lyfstraf as die kastyding van die liggaam ten einde 'n oortreding te straf. Clarke *et al.*,(1982:49) sien egter 'n ander element in lyfstraf raak, naamlik die verlies van persoonlike vryheid.

Vir die skoolhoof is dit van belang om daarop te let dat lyfstraf nie noodwendig die toedien van houe met 'n instrument is nie, maar dat gekontroleerde vorme van fisieke uitputting soos om in 'n hoek te staan, ook by lyfstraf ingesluit word.

Lyfstraf impliseer nie net 'n fisieke element nie maar ook 'n psigiese element. Prinsloo (1990:54) stel dit dat in juridiese sin is die mens se liggaam en persoon sy hoogste goed en 'n aantasting van sy liggaam het noodwendig 'n invloed op sy persoon.

Samevattend kan lyfstraf dus omskryf word as die kastyding van die liggaam deur die toediening van 'n pak slae met 'n instrument, of meer indirek deur byvoorbeeld 'n persoon vir 'n tyd lank regop te laat staan. Lyfstraf bevat ook 'n fisieke sowel as 'n psigiese element omdat liggaam en gees onlosmaaklik verbind is.

Indien die skoolhoof lyfstraf toedien, moet daar 'n besliste opvoedkundige gerigtheid aanwesig wees by die opvoeder sodat die leerling sowel as die skoolgemeenskap en die skool as inrigting daarby baat vind. Opvoeders verskil oor die gerigtheid van lyfstraf maar poog wel deurgaans om lyfstraf te regverdig op een of ander grond.

### 2.4.3 Die gerigtheid van lyfstraf

Snyman en Morkel (1988:136) toon aan dat opvoedkundige tug fokus op die opvoedeling as individu en op die verskillende metodes wat met die toediening van straf gepaardgaan. Volgens Rich (1989:150) word lyfstraf geregverdig op grond van vergelding, verbetering, as afskrikmiddel en voorkoming.

#### 2.4.3.1 Vergelding

Die voorstanders van "lyfstraf om te vergeld" is van mening dat pyn of verlies jou toegereken word as jy oortree. Hulle uitgangspunt word weergegee deur 'n skrywer soos Kant (soos aangehaal deur Rich, 1989:150) wat meen dat lyfstraf slegs straf op die oortreding is en nie om iets te bevorder nie. Kant (soos aangehaal deur Rich, 1989:150) voer verder aan dat dit die gemeenskap se plig is om te straf ten einde dissipline te handhaaf. Die aard en hoeveelheid van die straf moet verband hou met die oortreder se geestestoestand.

'n Aanname van die voorstanders van vergelding is, soos Rich (1989:150) dit stel, dat die bose minder welaf moet wees as die goeie ten einde die gemeenskap reg te hou.

Die skool en hof se plig is nie om toe te sien dat die goeie oor die bose oorwin nie, maar om diegene te straf wat hulle skuldig maak aan die oortreding van spesifieke skoolreëls. Die pyniging van die skuldige word goedgekeur, maar verdere regverdiging kan nie gegee word vir die onregmatige, opsetlike pyniging van die skuldige nie. Die vraag is nou of die skool en die gemeenskap enige voordeel het in die pyniging van die skuldige - help pyn om die skuldige te verander om nie weer te oortree nie? Sal dit ander daarvan weerhou om te oortree (Rich, 1989:150)?

Oosthuizen (1992b:136) neem die volgende kenmerke waar wanneer straftoediening vanuit 'n vergeldingsperspektief plaasvind:

- Dit gee aan die oortreder 'n geleentheid om 'n nuwe blaadjie om te slaan.
- Die oortreder kry so die geleentheid om by die skoolgemeenskap sy skuld uit te wis.
- Dit help om die wraaklus wat by die skoolgemeenskap heers te versadig.
- Toediening van straf onder gepaste omstandighede word deur die gemeenskap as billik en reg beskou.

#### 2.4.3.2 Verbetering

Volgens Rich (1989:150) is die doel van die voorstanders van straftoediening vanuit 'n verbeteringsperspektief om korrupsie bekend te maak en om veranderings ten goede te maak. In hierdie verband beklemtoon regter Horwitz in Rex vs. Muller 1948 (4) SA (O) 848 dat lyfstraf altyd beoog om die leerling op te voed en om sy gedrag te verbeter.

Oosthuizen (1992b:138) brei hieroor uit deur dit te stel dat verbetering as die beweegrede vir straftoediening staan midde in die hart van opvoedkundige gesagshandhawing omdat:

- dit toekomsgerig is;
- dit primêr die verbetering van die individuele leerling ten doel het, en
- dit die herstel van die leerling as goeie en voorbeeldige lid van die gemeenskap ten doel het.

#### 2.4.3.3 Afskrikmiddel

'n Derde beskouing is dat straf slegs as afskrikmiddel dien. Straf word deur hierdie groep slegs voorwaardelik goedgekeur, maar word verder as boos beskou. Rich (1989:150) stel dit dat skrywers soos Jeremy Bentham graag wil sien dat straf uitgesluit behoort te word buiten waar dit kan lei tot groter booshede indien straf uitgesluit word. Lyfstraf word dus slegs goedgekeur indien die toepassing daarvan die gemeenskap tot voordeel sal strek.

Hierdie benadering is daarop gemik om die leerling as 'n oortreder te straf; hom daarmee so af te skrik dat hy nie die besondere oortreding sal herhaal nie. Ander leerlinge moet deur hierdie voorbeeld ook afgeskrik word van soortgelyke oortredings (Oosthuizen, 1992b:138).

#### 2.4.3.4 Voorkoming

Straf word aan 'n oortreder opgelê met die oog op die toekomstige afwering van 'n soortgelyke oortreding. Die uiterste vorm van voorkoming is om die oortreder ter beskerming van die skoolgemeenskap te verwyder. Die klem val met voorkoming op die belange van die gemeenskap en staan in skerp kontras met opvoedkundige straftoediening (Snyman en Morkel, 1988:417). Waar lyfstraf as voorkomende tuguitoefening toegedien word, moet die onderwysbestuurder baie goed besin of hierdie vorm van tug

wel toepaslik is ter voorkoming van toekomstige oortredings, en indien die onderwysbestuurder lyfstraf wel gepas vind in die besondere geval, moet die mate van straftoediening verband hou met die oortreding (Oosthuizen, 1992b:137).

#### 2.4.3.5 Gebalanseerde opvoedkundige straftoediening

Samevattend kan daar dus genoem word dat opvoedkundige straftoediening elemente bevat van al vier bogenoemde beweegredes vir straftoediening, maar dat die uitgangspunt altyd die van die toekomstige verbetering van die individuele opvoedeling behoort te wees (Oosthuizen, 1992b:138). Die welsyn van die inrigting mag egter nooit uit die oog verloor word nie en juis daarom het straftoediening volgens Prinsloo (1990:53-54) ook ten doel om die inrigting te beskerm teen die kwajongstreke van die jeug.

Met bogenoemde in gedagte word dit dus duidelik dat gebalanseerde straftoediening, onder meer lyfstraf, gerig moet wees op verbetering, as afskrikmiddel, voorkoming en vergelding om die doelstellings van straftoediening te verwesenlik.

## 2.5 DOELSTELLINGS VIR DIE TOEPASSING VAN LYFSTRAF

In die saak van R vs. Muller [1948 (4) SA 848 (OPD)] op bladsy 859 tot 860 het regter Horwitz die saak soos volg uiteengesit: Twee begrippe word in die gemene reg gevind in verband met die bevoegdheid van onderwysers om lyfstraf toe te dien:

- Die eerste het betrekking op die beginsel wat grotendeels bedoel is vir die opvoeding en guns van die betrokke kind.
- Tweedens word die instandhouding en welsyn van die inrigting waar die kind gehuisves word, beoog terwyl hy/sy opvoeding geniet. Die nodige gesag moet dus aan die inrigting gegee word om dit teen die kwajongstreke van die kind te beskerm.

### 2.5.1 Opvoeding en guns van die kind

Tug of straf is volgens Prinsloo (1990:53) 'n onontbeerlike opvoedingsmiddel vir die opvoeder omdat hy te doen het met kinders wat geestelik onvolwasse is en vanweë hulle gebrek aan geestelike volwassenheid, geneig is om die geldende reëls, norme of waardes te verontagsaam. Daarom tug die opvoeder om daarmee te toon dat hy sulke optrede afkeur en om die kinders te oorreed om die korrekte ten koste van die verkeerde

te kies. Lyfstraf het vanuit die Christelike perspektief ten doel om die kind as 'n geestelike onvolwassene omhoog te lei tot volwaardige Koninkryksburger wat geestelik volwasse is. Lyfstraf is maar een instrument in die hand van die opvoeder om bogenoemde te bereik en mag nooit verabsoluteer word tot enigste tugmiddel nie.

### 2.5.2 Instandhouding en welsyn van die inrigting

Die skoolhoof in die sekondêre skool se doel met lyfstraf is dan om die leerlinge in sy skool te begelei tot karaktervorming en geestelike welsyn om so ook die welsyn van die opvoedkundige instelling te bevorder. 'n Probleem wat deur skrywers soos Eberlein (1980:287) en Prinsloo (1990:56) uitgelig word, is die eensydige siening van die doelstellings van lyfstraf wat voorstanders van menseregte huldig. Skrywers soos Carson *et. al.*, (1982:2-8), Rich (1988:261) en Hyman (1984:39) verabsoluteer die regte van die individu maar verloor tegelykertyd uit die oog dat die individu benewens sy regte ook pligte en verantwoordelikhede het. Dit sou dus nie haalbaar wees om die doelstellings vir die toepassing van lyfstraf slegs aan die ontvanger (kind) daarvan te koppel nie, want dit hou ook verband met die welsyn van die opvoedkundige inrigting om byvoorbeeld orde te handhaaf (Prinsloo, 1990:53-54).

Die skoolhoof het dus 'n taak om al twee die elemente van die doelstellings vir die toepassing van lyfstraf te verwesenlik: Enersyds om lyfstraf in belang van die individu toe te pas, met inagneming van sy/haar regte; andersyds om die opvoedkundige inrigting en die res van die skoolgemeenskap se regte te beskerm. Om hierdie doelstellings te bereik, moet die skoolhoof die opvoedkundige juridiese riglyne vir lyfstraf ken en noukeurig nakom.

## 2.6 OPVOEDKUNDIGE JURIDIESE RIGLYNE VIR LYFSTRAF

Alle tugmaatreëls wat in skole toegepas word, insluitende lyfstraf, is in die eerste plek 'n opvoedkundige aangeleentheid. Die skoolhoof gebruik sy eie oordeel wanneer hy moet besluit watter tugmaatreël hy in 'n besondere geval gaan gebruik. Die aanwending van sommige van die tugmaatreëls soos lyfstraf en skorsing maak egter groot inbreuk op die leerling se regte, voorregte en vryhede en dus vereis die reg dat daar in sodanige gevalle aan sekere vereistes voldoen moet word. In hierdie deel van die hoofstuk word veral gewys op die implikasies van Regulasie 704 wat betref lyfstraf (Van Wyk, 1992:2). Voorts word aandag gegee aan die gemeenregtelike en regsprekende riglyne vir lyfstraf.

### 2.6.1 Statutêre riglyne

Onderwysreg is 'n onlangse vertakking van die reg en dit is derhalwe nodig dat wetgewende maatreëls hierdie vakgebied beheer. Die onderwysorgane se beheersingsbevoegdheid word statutêr gereël en juis om hierdie rede is wetgewing die vernaamste bron in die oplossing van onderwysverskille (Bray, 1988:8-9).

#### 2.6.1.1 Watter oortredings regverdig lyfstraf

Regulasie 4(1)(a) van die regulasies betreffende die beheer van leerlinge ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 bepaal dat lyfstraf slegs aan leerlinge toegedien word in gevalle van ernstige pligsversuim of ongehoorsaamheid, weerspannigheid, opsetlike beskadiging van eiendom, diefstal, oneerlikheid, leuentaal, aanranding, afknouery, onwelvoeglikheid, stokkiesdraai, of enige ander wangedrag van 'n ernstige aard.

#### 2.6.1.2 Vereistes van 'n ondersoek

'n Volledige ondersoek wat die skuld van die leerling tot bevrediging van die skoolhoof bewys en waarna die leerling 'n goeie geleentheid gebied word om sy saak te stel, word vereis in Regulasie 4(1)(b) van die regulasies betreffende beheer van leerlinge.

#### 2.6.1.3 Vereistes van lyfstraf in skole en koshuise

Ingevolge Regulasie 4(1) van die regulasies betreffende die beheer van leerlinge in skole en koshuise mag lyfstraf slegs in die volgende gevalle toegedien word:

- Die skoolhoof of deur iemand anders, wat skriftelik deur die skoolhoof daartoe gemagtig is, of deur 'n ander onderwyser in die teenwoordigheid van die skoolhoof of die ander gemagtigde persoon.
- Dit moet in die skoolhoof se kantoor of 'n plek deur hom aangewys geskied, indien die skoolhoof afwesig is, in die kantoor van die onderwyser in beheer van die skool of 'n plek deur hom aangewys.
- Die lyfstraf moet met 'n rottang of gladde lat tot 'n maksimum van vyf houe op die sitvlak, wat met gewone kleding bedek is, toegedien word.
- Die fisieke toestand en ouderdom van die leerling moet in ag geneem word.

#### 2.6.1.4 Verbod op lyfstraftoediening

Ingevolge Regulasie 4(2) van die regulasies betreffende die beheer van leerlinge in skole en koshuise mag lyfstraf nie in die volgende gevalle toegepas word nie:

- leerlinge in pre-primêre skole, leerlinge in vlakke een tot drie en vroulike leerlinge;
- 'n gestremde leerling wie se ouer 'n sertifikaat deur 'n mediese praktisyn, waarin gesertifiseer word dat lyfstraf 'n nadelige uitwerking op die leerling kan hê, by die skoolhoof ingelewer het;
- geensins in die teenwoordigheid van ander leerlinge nie.

In elke geval waar lyfstraf toegedien is, moet die skoolhoof die naam en ouderdom van die betrokke leerling, die rede vir die straf èn die aantal houe toegedien, die datum waarop en die naam van die persoon deur wie die straf toegedien is in 'n strafregister aanteken, en hierdie register moet te alle tye vir inspeksie deur die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool, en vir die superintendent van onderwys in die geval van 'n openbare skool, beskikbaar wees.

### 2.6.2 Gemeenregtelike riglyne

Om te bepaal of die regulasie op 'n bepaalde geval van toepassing is, moet vasgestel word tot welke bevolkingsgroep die kind behoort en in welke tipe skool hy is. Gemeenregtelike riglyne mag egter nie in kontras staan teenoor die betrokke regulasie nie. In die saak van R vs. Schoombee (1924) het die regter beslis dat die "ordonansie" nie van toepassing is waar die klag teen 'n onderwyser in 'n staatskool ingevolge die gemene reg gelê word nie. Hierdie standpunt is deur regskrywers verwerp. Die standpunt word gehuldig dat die gemene reg deur die statutêre bepalings gewysig is en dat die tugbevoegdheid ingevolge die onderwysregulasies beoordeel moet word (Heaton, 1987a:406).

Om te verseker dat die toediening van straf op 'n billike en regverdige wyse geskied, vereis die gemene reg dat die onderwyser sy aandag behoorlik aan die betrokke saak moet gee en dat al die omstandighede in ag geneem moet word. Die betrokke leerling moet ook die geleentheid kry om sy kant van die saak te stel voordat hy getugtig of gestraf word. Die onderwyser moet ook onbevooroordeeld optree volgens die reëls van natuurlike geregtigheid (Van Wyk, 1992:2).

#### 2.6.2.1 Die reëls van natuurlike geregtigheid

Die reëls van natuurlike geregtigheid vind toepassing by kwasi-judisiële handelinge, dit wil sê, by die handelinge van die skoolhoof waar sy diskresionêre bevoegdhede die regte, bevoegdhede en vryhede van personeellede, leerlinge of ouers kan aantas (Bray, 1988:64).

Daar moet, in die geval waar lyfstraf toegedien word, vasgestel word of regte en voorregte nie op onregmatige wyse aangetas is nie. Indien dit volgens Bray (1988:65) wel aangetas word, en die reëls asook die ander regsvereistes wel korrek deur die skoolhoof nagekom is, sal die optrede van die skoolhoof billik en regverdig wees en kan die leerling nie kla nie.

Om bogenoemde te bepaal, word die belangrikheid van 'n behoorlike ondersoek deur Heaton (1987a:401-402) beklemtoon, om te bepaal of die kind wel skuldig is. 'n Ondersoek is redelik indien dit feite blootlê wat redelikerwys oortuig dat die kind skuldig is. Indien die onderwyser bona fide opgetree en 'n redelike ondersoek geloods het, sal die hof nie maklik inmeng nie.

In Rex vs. Muller (1948) is die beskuldigde aan aanranding skuldig bevind omdat hy geen redelike ondersoek gedoen het nie en dus sy tugbevoegdheid oorskry het. Die plig om behoorlik ondersoek in te stel, bestaan nie net ingevolge die gemene reg nie maar word ook statutêr op onderwysers in staatskole gelê (Heaton,1987a:401-402). Die onderwyser handel in 'n kwasi-regtelike hoedanigheid en moet daarom dienooreenkomstig regverdig optree (Prinsloo, 1990:62).

#### 2.6.2.2 Die liggaamlike en geestelike toestand van die kind tydens tug

Die liggaamlike toestand van die kind moet altyd in ag geneem word as lyfstraf toegepas word. Goeie oordeel deur die onderwyser is hier van groot belang. Die sterker kind sal byvoorbeeld meer en harder houe ontvang as die swakker kind. Houe wat oop, rou wonde veroorsaak, is duidelik onredelik en buitensporig. Indien die kind egter normaal met die skoolaktiwiteite kan voortgaan, is die straf redelik (Heaton, 1987a:404-405).

Oosthuizen (1988:78) wys daarop dat in die saak van Rex v Scheepers wat in 1915 voorgekom het, is die hoof se toediening van 10 houe as wreed beskryf omdat die ontvanger 'n klein delikate dogtertjie was. Die reaksie van die kind moet ook in ag

geneem word. Daar moet gevra word óf die kind gehuil, gekla, geskreeu of gesoebat het óf met die straf gespog het om te wys hoe taai hy is.

Regter Lazarus het in die hofsaak van Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur (1992) die ses houe wat aan 'n tingerige standerdsesleerling toegedien is as oormatig beskou, alhoewel al die opvoedkundige juridiese riglyne tog nagekom is.

Die kind se geestestoestand moet ook in ag geneem word. 'n Kind wat geestelik afgetakel is sal waarskynlik net negatief reageer op lyfstraf. Alternatiewe straf moet eerder oorweeg word soos om 'n onderhoud met die kind te voer en uit te vind waarom die kind oortree het. 'n Kind wie se ouer pas gesterf het, is beslis nie in 'n geestelike toestand om geslaan te word nie (Oosthuizen, 1988:78).

Die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof ten opsigte van lyfstraf word egter ook gerig deur die in loco parentis-verhouding wat daar tussen die onderwyser en die leerling bestaan. Dit is dan ook juis hierdie beginsel wat telkens gebruik word om die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid in die hof te bevestig.

#### 2.6.2.3 Die in loco parentis-beginsel

Die gees van gesagshandhawing word nie alleen deur onderwyswette en regulasies gereël nie, maar ook deur die logies analitiese gerigtheid van opvoedende onderwys. Ingevolge die in loco parentis-verhouding waarin die onderwyser verkeer teenoor die leerling, kan die onderwyser ingevolge hierdie gesagsposisie skoolreëls en klasreëls opstel wat riglyne stel vir die ordelike regulering van die gebeure binne die skool. Die in loco parentis-beginsel verleen ook aan die skoolhoof oorspronklike tugbevoegdheid sodat hy lyfstraf kan toedien in belang van opvoedende onderrig (Oosthuizen, 1992b:106-107).

### 2.6.3 Regsprekende riglyne

Bray (1988:20) wys daarop dat skeppende regspraak onder andere aanleiding gee tot die ontwikkeling en toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid. Oosthuizen (1992a:60) ondersteun die standpunt van Bray (1988:20) as hy konstateer dat vorige hofbeslissings wat met verloop van tyd in die howe in die RSA gemaak is, 'n belangrike kenbron van ons onderwysreg vorm. Onderwyswette en gemene regsbeginsels soos hierbo uiteengesit, is telkens in hofbeslissings bevestig.

#### 2.6.3.1 Voorbeelde van hofbeslissings wat lyfstraf aanspreek

□ **Lyfstraf mag nie oormatig toegedien word nie**

In die saak van John Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur (1992) het regter Lazarus beslis dat alhoewel die betrokke onderwyser al die reëls en regulasies nagekom het, die lyfstraf van ses houe oormatig was indien die fisieke toestand en ouderdom van die betrokke standerdsesleerling in ag geneem word. Volgens bewyse wat voor die hof gelê is, het die houe moontlik oop wonde veroorsaak wat tot gevolg gehad het dat die betrokke leerling nie met sy normale skoolaktiwiteite kon voortgaan nie. Deur hierdie regsuitpraak word aangetoon dat die onderwyser altyd alle faktore in ag moet neem wanneer hy lyfstraf toepas en ten spyte van die statutêre riglyne, ook die reëls van natuurlike geregtigheid moet nakom.

□ **Lyfstraftoediening mag nooit sedelike waardes skaad nie**

Lyfstraf moet nie contra bonos mores (teen openbare sedes) toegedien word nie. In Staat vs. Lekathe (1943) is lyfstraf toegedien nadat die kind sy klere moes uittrek en aan 'n bank vasgemaak is. Die hof het dit as aanranding beskou (Heaton, 1987:404).

□ **Dogters mag nie lyfstraf ontvang nie**

Gemeenregtelik mag 'n dogter in die verre verlede wel lyfstraf ondergaan het, maar haar straf moes ligter wees as die van 'n seun. In Rex vs. Scheepers (1915) het die hof dit as hoogs ongewens beskou dat 'n man 'n dogter slaan. Vandag word enige vorm van lyfstraf op dogters uitdruklik verbied in staatskole en in staatsondersteunde skole (Heaton, 1987a:405).

□ **Lyfstraf as laaste alternatief**

Howe vereis dat reëls duidelik moet wees en dat dit deur alle leerlinge verstaan moet word (Eberlein, 1980:289). Alternatiewe strafmetodes moet eers probeer word alvorens lyfstraf uiteindelik toegedien word. Lyfstraf moet as laaste uitweg toegedien word omdat dit maar een van vele tugmiddels is. "It may work temporaly when all else fails, but it is dangerous, antiquated and uncertain in effect." (Eberlein, 1980:288.)

Heaton (1987a:402) ondersteun Eberlein (1980:289) se standpunt en voeg by dat slegs as die onderwyser oortuig is dat ander vorme van straf nie effektief sal wees nie, mag

daar tot lyfstraf oorgegaan word. Al die omstandighede moet in ag geneem word en bepaal dan tug wat redelik, billik en matig is.

Samevattend word daar aangetoon dat die opvoedkundige juridiese riglyne duidelike grense afbaken vir die skoolhoof ten opsigte van die toedien van lyfstraf in skole. Gemeenregtelike en regsprekende riglyne bied naas die statutêre riglyne geleentheid aan die skoolhoof om heeltemal sekerheid te kry ten opsigte van sy tugbevoegdheid waar dit handel oor lyfstraf. Die skoolhoof wat tog ten spyte van die duidelike riglyne nog sy tugbevoegdheid oorskry, tree ultra vires op en sal waarskynlik in die toekoms al hoe meer in die hof verantwoording moet gaan doen.

## 2.7 PROBLEME MET DIE TOEPASSING VAN LYFSTRAF

Bettencourt (1982:54) sien lyfstraf as 'n dissiplinêre maatreël wat skole geïdentifiseer het as plekke waar gesag afgedwing is eerder as om opvoedkundige instansies te wees. Lyfstraf het gehelp dat skole primêre jurisdiksie kon hê oor leerlinge se gedrag. Hierdie wanbalans wat by skole aangetref is, het daartoe gelei dat al hoe meer argumente teen die toediening van lyfstraf in die pers en die howe voorgekom het.

### 2.7.1 Argumente teen die toediening van lyfstraf

Die opponente van lyfstraf in skole baseer hulle argumente op die volgende stellings (Illinois State Board of Education, 1983:20):

- dit is 'n uitgediende praktyk wat nie meer die waardes van die sosiale samelewing reflekteer nie;
- lyfstraf is wreed;
- lyfstraf is onnodig indien alternatiewe vorme van dissipline gebruik word;
- die gebruik van lyfstraf verneder en beseer leerlinge, en is kontra-produktief tot die opvoedingsproses.

In die lig van bogenoemde stellings het sekere lande lyfstraf verban. Hyman en McDowell (soos aangehaal deur Clarke *et. al.*, 1982:48) verwys na die volgende lande wat lyfstraf verban het, naamlik: België, Ciprus, Denemarke, Equador, Finland,Frankryk, Holland,Ysland, Israel, Italië, Japan, Jordanië, Luxemborg, Mauritius, Noorweë, die Fillipyne, Swede en al die lande van die gewese kommunistiese blok.

In die VSA is lyfstraf nog steeds 'n kontroversiële aangeleentheid. Vier state het dit verban - Hawaii, Maine, Massachusetts en New Yersey. Maryland het slegs beperkings op die gebruik van lyfstraf. Twaalf state het lyfstraf nie aangespreek nie. Drie en dertig state laat lyfstraf toe (Clarke *et. al.*, 1982:47).

Daar bestaan volgens Heaton (1987b:55) 'n groot verskil tussen die houding in Europa, Brittanje en Amerika en dié in Suid-Afrika. Die Europese siening is dat enige vorm van "geïnstitusionele lyfstraf" verwerplik is. In die konvensie oor menseregte, (Heaton, 1987b:55) word lyfstraf skerp veroordeel. Lyfstraf word beskou as 'n skending van die waardigheid en integriteit van die getugtigde. Toediening van lyfstraf is in essensie die pleging van geweld deur die een persoon op 'n ander.

Artikel 3 van die Konvensie wat handel oor marteling en vernedering en Artikel 2 van die eerste protokol gee aan ouers die reg om hulle kinders ooreenkomstig hulle eie oortuigings op te voed (Heaton, 1987b:55).

Labuschagne (1991:36-39) ondersteun bogenoemde Europese siening veral waar dit gaan oor geweld. Hy onderskei die volgende probleemtemas indien tugbevoegdheid op strafregtelik prinsipiële gronde geëvalueer word:

- **Die geweldsiklus.** Wetenskaplikes het aangetoon dat geweld in die gesin oorgedra word na die breëre gemeenskap.
- **Tugbevoegdheid stimuleer kindermishandeling.** Die tug van kinders gee aanleiding tot kindermishandeling omdat dit dikwels moeilik is om te onderskei tussen regmatige lyfstraftoediening en mishandeling.
- **Verband tussen lyfstraf en jeugmisdaad.** Kinders aan wie lyfstraf toegedien is, is meer geneig tot misdaad.
- **Lyfstraf is psigologies, sosiologies en pedagogies nadelig vir die kind.** Kelly *et al.*, (1985:144) voeg by dat lyfstraf leer ook belemmer.

Labuschagne (1991:42) sluit op 'n meer positiewe toon teenoor lyfstraf as strafkeuse af as hy aantoon dat indien ouers en onderwysers se tugbevoegdheid weggeneem word, sal hulle as vennote, magteloos teenoor die kinders staan en kan die integriteit van die skool en ouerhuis in duie stort.

Die saak van Ex Parte Attorney-General, Namibië : In re Corporal Punishment by Organs of State (1991) het gekom as 'n waterskeidingsaak vir die teenstanders van lyfstraf in Suider-Afrika. Regter Mahomed het bevind dat die betrokke onderwyser

wel, deur 'n kode wat deur die Minister van Onderwys uitgevaardig is, bevoeg was om lyfstraf toe te dien, maar die regter beroep hom op Art 25 (1)(b) van die konstitusie wat lui: indien 'n hof van opinie is dat enige wet wat van krag was tot voor die onafhanklilheidswording onkonstitusioneel is, kan sodanige wet deur die hof geïgnoreer word of deur die parlement verander word. Daarom bevind regter Mahomed dat:

- Lyfstraf wat op enige persoon toegedien word onwettig is en in konflik is met Artikel 8 van die Namibiese konstitusie.
- Die toediening van lyfstraf in skole is onkonstitusioneel en onwettig en in konflik met Artikel 8 van die Namibiese konstitusie

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se opsomming van die interimverslag oor Groeps- en Menseregte (1991:7-8) neem nie direk standpunt in vir of teen lyfstraf nie, maar Artikel 4 (a) van die verslag wat handel oor die reg op psigiese en liggaamlike integriteit, stel dit dat elke persoon die reg het om sy of haar psigiese en liggaamlike integriteit te beskerm. Artikel 20 (f) bevestig dat die belange van die kind in alle wetgewende, uitvoerende en administratiewe verrigtinge voorop staan. Dit is egter Artikel 4 (b) waarop die voorstanders van menseregte in ander lande wat lyfstraf teenstaan, hulle beroep het. Die Artikel lui dat niemand aan psigiese of liggaamlike marteling, aanranding of onmenslike vernederende behandeling onderwerp mag word nie. Die inhoud van soortgelyke Artikels is aangewend in die hofsaak van Ex Parte Attorney General, Namibië (1991) om lyfstraf onwettig te verklaar. In Brittanje het die posisie ten opsigte van lyfstraf onlangs verander. Die House of Common het in Julie 1986 'n wetsontwerp wat lyfstraf in staatskole verbied, met 'n skrale meerderheid van een stem verander ten koste van lyfstraf. Hierdie verandering in die eeue-oue praktyk van "caning" is teweeggebring deur die druk veroorsaak deur beslissings soos X v The United Kingdom en Cambell and Cosans v TheUnited Kingdom (1984) (soos aangehaal deur Heaton, 1987b:55). 'n Vroeëre wetsontwerp het die toediening van lyfstraf behou met die voorbehoud dat die ouers kon voorskryf dat hulle kinders van lyfstraf vrygestel moet word. Die wet is afgestem omdat dit gelei het tot diskriminasie tussen die "beatables" en die "unbeatables" (Heaton, 1987b:55).

Baie opvoedkundiges, sielkundiges asook skrywers van artikels verdoem volgens Carson en Owen (1982:8) lyfstraf in die klas as gevolg van die verskeidenheid probleme wat daarmee gepaardgaan, tog word dit gereeld in skole toegepas in die VSA soos aangedui deur die saak van Baker vs. Owen (1975) deur die hooggeregshof.

Alhoewel die state van Massachusetts en New Yersey lyfstraf verbied, word dit in ander state soos Mississippi algemeen toegelaat. Die plaaslike bestuur neem die besluit (Carson, 1982:8).

Rich (1989:151) toon aan dat geeneen van die belangrikste teorieë of dissiplinêre modelle lyfstraf voorstaan nie. Die volgende modelle word genoem: Kohl's natural developement model, Gordon's teacher effectiveness training, Altschuler's social literacy approach, Glasser's deficiency model, Dreikurs's logical consequences behaviour modification, and Canter's assertive discipline (Rich 1985).

Baie modelle verwerp volgens Rich (1988:261-262) lyfstraf om verskillende redes: Skinner (soos aangehaal in Rich, 1988:261-262) het bevind dat diere harder werk en gouer leer indien hulle beloon word eerder as om gestraf te word. Volgens hom geld dieselfde vir leerlinge. Een argument teen lyfstraf is dat dit 'n soort gemagtigde kindermishandeling is wat die probleem vererger en die leerling se woede laat eskaleer. Lyfstraf voed die kulturele geloof dat geweld aanvaarbaar is om probleme op te los, Clarke en Miller (soos aangehaal deur Rich, 1989:151). Aggressie teen persone met minder status en mag word as aanvaarbaar beskou. Die probleem word vergroot deur onderwysers wat verward en selfs versteurd is, en beheer en gesag moet uitoefen oor die leerlinge wat aan hulle toevertrou is (Rich, 1989:151). Maurer (soos aangehaal deur Rich, 1989:151) meen dat 'n kind aan wie lyfstraf toegedien is dikwels seksuele afwykings as volwassene toon en daarom beveel hy aan dat dit beter is om die gebruik van lyfstraf te laat vaar (Rich, 1989:151).

Rich (1989:151) beweer voorts dat slegs sekere groepe leerlinge lyfstraf ontvang. Swart leerlinge word meer gestraf asook armer leerlinge. Baie leerlinge wat lyfstraf ontvang, is emosioneel ontwrig en kort eerder hulp.

Volgens Rich (1989:151) kan lyfstraf verhoudings belemmer en ontwikkel daar eerder 'n weerstand as gehoorsaamheid by die leerling. Straf kan nog tot erger gevolg lei omdat aggressie en vandalisme teenoor die skool gepleeg word.

William Glasser (soos aangehaal deur Rich, 1988:261-262) glo dat die onderwyser dissiplinêre probleme moet oplos deur die leerlinge te help om 'n beter rigting te beplan. Volgens hom werk straf nie want daar is nog steeds kriminele. Glasser (soos aangehaal deur Rich, 1988:261-262) staan egter tog gematigde straf voor.

"Rudolf Dreikurs's social discipline model" beskou straf as oudmodies en nie effektief nie omdat kinders nie die verband tussen hulle oortreding en die straf raaksien nie. Natuurlike gevolge leer egter tog die kind dat 'n mes 'n vinger kan sny - 'n proses van selfontdekking wat lei tot selfdissipline en innerlike motivering. Die kind verstaan dus dat daar logiese gevolge is wanneer hy oortree het. Indien die leerling byvoorbeeld die skool beskadig, sal hyself vir die skade moet betaal (Rich, 1988:261-262).

Om die teenstanders van lyfstraf se argumente verder te versterk, word daar dikwels verwys na die gevalle waar die onderwysbestuurder sy tugbevoegdheid oorskry.

### 2.7.2 Die oorskryding van tugbevoegdheid

Clarke *et al.*, (1982:50) beweer dat die onderwysers nie konsekwent is in die toepassing van lyfstraf nie. Een slaan vir onnodige gesels, 'n ander slaan oor huiswerk wat nie gedoen is nie. Die ouderdom en fisieke toestand van die leerling word ook nie altyd in ag geneem nie. Hy het ook 'n probleem daarmee dat onderwysers nie by die voorskrifte vir lyfstraf hou nie. So gebeur dit dat enige onderwyser slaan en nie net die hoof nie. Lyfstraf word soms in die openbaar toegedien. Die spesiale versoeke van ouers dat die kind nie lyfstraf mag kry nie, word geïgnoreer.

Verskeie howe in die VSA het die kwessie van tugoorskryding aangespreek. Alhoewel geen hof 'n absolute standaard kon ontwikkel nie, het die meeste howe wel riglyne gebied oor wanneer lyfstraf oormatig en onredelik toegedien word, naamlik:

- Indien die houe 'n merk laat.
- Indien die straf op enige ander plek as die sitvlak toegedien word.
- Indien die straf enige permanente skade aanrig (Bowen en Cracken, 1981:34-35).

In die saak van Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur en ander (1992) is 'n standerdsesleerling ses houe met 'n meterlange rottang toegedien deur 'n onderwyser in die teenwoordigheid van die hoof en adjunkhoof. Regter Lazarus het bevind dat die beskuldigde sy tugbevoegdheid oorskry het omdat die betrokke leerling se ouderdom en fisieke toestand nie in ag geneem is nie. Ses houe vir 'n standerdsesleerling wat daarby fisiek klein en tingerig gebou is, was nie 'n billike straf onder omstandighede nie, alhoewel die oortreding in 'n baie ernstige lig beskou word. Die beskuldigdes is met R2000 beboet. Dit dien vermeld te word dat die beskuldigdes al die ander juridiese riglyne soos onder andere die hou van 'n volledige ondersoek korrek toegepas het.

Bondesio *et al.*, (1989:94) wys daarop dat tugbevoegdheid slegs as verweer dien indien binne die perke daarvan opgetree word. In die saak van Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur (1992) het die betrokke onderwyser wel sy tugbevoegdheid oorskry deur oormatige straf toe te dien. Privaatregtelik kan 'n onderwyser aanspreeklik gehou word vir vergoeding indien die kind strydig met die voorskrifte getug word of indien die tug onredelik was (Heaton, 1987a:408).

Strafregtelik kan die onderwyser aangekla word van misdade soos aanranding, onsedelike aanranding, kindermishandeling en in uiterste gevalle van strafbare manslag of moord (Heaton, 1987a: 408-409).

Bondesio *et al.*, (1989:97) waarsku dat 'n onderwyser in diens van 'n onderwysdepartement ingevolge die bepalings van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 intern deur die departement van wangedrag aangekla kan word indien hy sy tugbevoegdheid oorskry. By die staatsondersteunde skool word die betrokke onderwyser skriftelik deur die voorsitter van die betrokke skool se bestuursliggaam aangekla of 'n komitee vir voorlopige ondersoek kan deur die bestuursliggaamvoorsitter ingestel word om die beweerde wangedrag te ondersoek (Oosthuizen, 1992c:17).

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword dat dit veral die voorstanders van menseregte is wat lyfstraf as strafvorm op skool teenstaan. Die meeste opvoedkundiges erken dat lyfstraf op skool al hoe meer problematies word en dat die druk om dit totaal af te skaf by die dag toeneem. Die skoolhoof benut tans nog lyfstraf as doeltreffende toevoeging tot sy beheersingsbevoegdheid om onder andere daarmee die leerling volledig op te voed.

Dit is vir die skoolhoof belangrik om ook kennis te neem van die argumente wat gevoer word ten gunste van lyfstraf. Hierdie argumente word deur koerante, tydskrifte, gemeenskappe en skoolhoofde gevoer wat in die meeste gevalle betrokke is by skole waar lyfstraf reeds afgeskaf is.

## 2.8 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE TOEDIENING VAN LYFSTRAF

Eberlein (1980:287) spreek kritiek uit teen die oormatige beklemtoning van persoonlike regte. Hy meen dat regte vir die Amerikaners belangriker geword het as hulle verpligtinge en verbintenisse. So byvoorbeeld word diskriminasie aangevoer as 'n werksaansoek afgewys word. Indien iemand anders bevorder word, word seksuele diskriminasie aan-

gevoer. As 'n mediese operasie nie slaag nie, word nalatigheid aangevoer. As die tiener nie kan lees nie, word die onderwyser beskuldig van "malpractice".

Anon (1989:5) ondersteun hierdie standpunt van Eberlein en voeg by dat individuele regte verabsoluteer word ten koste van groepsregte. Die individu het benewens sy regte ook pligte en verantwoordelikhede teenoor die groep en die instelling. Bauer (1985:489) wys daarop dat benewens die individu se regte, daar ook regte bestaan vir die ouers en onderwysers. Ongelukkig fokus sommige skrywers slegs op die regte van leerlinge wat hulle wangedra, terwyl die verantwoordelikheid wat die leerlinge teenoor die skoolgemeenskap het, gerieflikheidshalwe geïgnoreer word. Skrywers meen dat wat die leerlinge ook al doen reg is. omdat dit sy/haar reg is of omdat hy/sy n slagoffer van omstandighede is. Hierdie skrywers ignoreer egter die feit dat regte altyd saam met verantwoordelikhede gaan. Bewegings soos Education Without Fear poog om lyfstraf af te skaf. In die London Evening Standard van Augustus 1987 word verwys na die afskaffing van lyfstraf aldaar, en die swak gedrag van die nuwe geslag Britte: "The collapse of education may explain why they are so ignorant and illiterate, but even that does not in itself explain why they are so nasty, selfish, greedy, aggressive, self-righteous and rude. The explanation is obviously to be found in the collapse of discipline which, as everyone knows, starts in the home and finds its most glaring manifestation in our worst schools." Die opskrif van die artikel is: "Why we British need that touch of fear" en die skrywer se slotsom: "Bring back the cane". (Anon, 1989:5.)

'n Artikel in Anon (1992:6) gee uitdrukking aan skoolhoofde van die Rehoboth skole se frustrasie in hulle skole nadat lyfstraf in Namibië verbied is. Chaos en onveiligheid by skole, onder meer seksuele molestasie, dwelm- en alkoholmisbruik en aanvalle op onderwysers is aan die orde van die dag. Een van die skoolkinders beweer in die artikel dat die afskaffing van lyfstraf in die Namibiese grondwet daartoe gelei het dat jongmense doen net wat hulle wil sonder om die gevolge van hulle dade te vrees. Die artikel sluit af met 'n pleidooi van die skoolhoofde dat daar 'n terugkeer na strenger dissipline moet plaasvind teen oortreders.

Menacher *et al.* (1989:40) bevestig die noodsaaklikheid van dissipline in die skool deur te wys op die ernstige probleme soos diefstal, geweld en oproer wat sekere skole in die VSA, waar dissipline verwaarloos is, beleef. 'n Steekproef van onderskeidelik 100 sekondêre en primêre skoolhoofde in Michigan het aangetoon dat 85.2% aangetoon het dat hulle glo in lyfstraf as 'n effektiewe tugmiddel (Rich, 1989:150). Rich (1989:150) skryf voorts dat selfs die leerlinge het lyfstraf verkies. In 'n ondersoek van 200 leerlinge van Banning en Palmdale, California, het skole getoon dat 70% van die leerlinge lyfstraf

verkies, 77% het gesê dat lyfstraf hulle verhoed het om verder te oortree en 70% dat slegs die dreigement oor lyfstraf hulle verhoed het om weer te oortree. Lyfstraf word ook meer effektief gemaak indien leerlinge glo dat lyfstraf regmatig toegedien is. Bogenoemde is 'n waarneming in 'n verslag van die ondersoek in Banning en Palmdale, California Risner 1975 (soos aangehaal deur Rich, 1989:150-151).

Die Reardon en Reynolds ondersoek (aangehaal deur Rich, 1989:151) van 292 Pennsylvania skooldistrikte som die redes vir die algemene gebruik van lyfstraf die beste op:

- Dit bring verandering in gedrag.
- Leerlinge leer selfdissipline aan.
- Lyfstraf is minder skadelik as ander vorme van straf.
- Daar is situasies waar dit die beste vorm van straf is.
- Dit is die enigste metode wat met sekere leerlinge werk.
- Daar is geen skadelike gevolge ten opsigte van die leerlinge se houding nie.
- Die uitskakeling van straf kan die leeratmosfeer baie skade berokken in die skool.

Die Reagan administrasie het skooldissipline in 1984 hulle hoof verkiesingstema gemaak. Hulle leuse van "return to good old fashioned dissipline" het groot byval gevind (Hyman, 1984:39) en word ondersteun deur die skrywer van die artikel " Why we Brittish need that touch of fear" in die *London Evening Standard* van Augustus 1987 se stelling "bring back the cane" (Anon, 1989:5).

Bester (1978:65-67) wys ten slotte daarop dat die suksesvolle aanwending van lyfstraf as opvoedkundige strafmiddel op skool, in 'n groot mate bepaal word deur die leerling se houding daarteenoor. Gemeenskappe wat lyfstraf op skool voorstaan, sal dus meer positiewe gevolge beleef by leerlinge aan wie lyfstraf toegedien is as wat die geval sal wees waar gemeenskappe negatief staan teenoor hierdie tugmiddel

## 2.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar veral aandag gegee aan die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof; asook die mags- en gesagsbasis waarop dit berus. Daar is deur middel van voorbeelde aangetoon hoe dat die onderskeie mags- en gesagsbasisse die onderwysbestuurder se beheersingsbevoegdheid ondersteun en versterk sodat daar opvoedende

onderrig kan plaasvind op 'n ordelike gedissiplineerde wyse wat tot voordeel strek van beide die leerling en die opvoedkundige instansie, die skool.

Daar is ook aangetoon dat lyfstraf gerig is op die toekomstige verbetering van die leerling, maar dat dit ook as vergeldingsmiddel of as afskrikmiddel toegedien kan word. Lyfstraf het ten doel om eerstens die algemene opvoeding van die leerling te bevorder, en tweedens om die inrigting te beskerm teen die kwajongstreke van die jeug. Die opvoedkundige juridiese riglyne vir lyfstraf word gevind in statutêre, gemeenregtelike en regsprekende bronne. Hierdie bronne bied beskerming aan al die betrokkenes waar lyfstraf in die skool toegedien word. Nie alleen word die regte van die kind hiermee beskerm en verskans nie, maar die korrekte optrede deur die skoolhoof word ook afgedwing wanneer hy lyfstraf toedien.

Ten slotte is die argumente vir en teen lyfstraf in die skool aangehaal om daarmee te toon dat lyfstraf wel 'n problematiese verskynsel van ons hedendaagse opvoedingstelsels is en dat dit die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof in die sekondêre skool beïnvloed.

In hoofstuk 3 word die samestelling van die vraelyste asook die terugvoering van die vraelyste vanaf die hoofde van sekondêre skole, met die nodige aanbevelings en die evaluering van lyfstraf, kortliks bespreek.

# HOOFSTUK 3

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die vraelys as meetinstrument, die konstruksie van die vraelys en die interpretasie van die data, wat vanaf die skoolhoofde van sekondêre skole ontvang is, bespreek. Die nodige aanbevelings en evaluerings ten opsigte van lyfstraf as faset van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid, word gedoen na aanleiding van die data wat ontvang is.

### 3.2 NAVORSINGSONTWERP

#### 3.2.1 Die vraelys as meetinstrument

#### 3.2.2 Loodsondersoek en finalisering van vraelys

Nadat die vraelys opgestel en goedgekeur is, is die vraelys aan skoolhoofde van drie sekondêre skole gestuur wat nie by die ewekansige steekproef betrek was nie. Geen probleme is ontvang met die voltooiing van die vraelys nie en gevolglik was geen veranderings nodig nie en is dit onveranderd na die onderskeie skole gestuur.

#### 3.2.3 Konstruksie van die vraelys

Die vraelys is so gekonstruktueer dat dit uit drie afdelings bestaan:

- Afdeling A (vrae 1.1. - 1.7): Biografiese besonderhede.
- Afdeling B (vrae 2.1 - 2.3): Demografiese besonderhede.
- Afdeling C (vrae 3.1 - 4.3).
  - Opdragvrae (3.1 en 3.2): Met hierdie vrae word daar gepoog om vas te stel van watter mags- en gesagsbronne die skoolhoofde in die studiepopulasie gebruik maak. Vier afleiers (altyd, dikwels, selde en nooit) word aangewend om die

frekwensie te bepaal waarteen die skoolhoofde die mags- en gesagsbronne aanwend.

- Opdragvrae (3.3 - 3.6 en 4.1 - 4.2): Die doel van hierdie vrae is om te meet in watter mate die skoolhoofde van sekondêre skole die juridies opvoedkundige riglyne vir lyfstraf volg.
- Opdragvrae (3.7 - 3.9): Die doel van hierdie vrae is om vas te stel of lyfstraf as tugmiddel op skool bevraagteken word en of daar druk vanaf die ouers is om dit af te skaf.
- Opdragvraag 4.3: Die doel van hierdie vraag is om die gerigtheid waarmee skoolhoofde van sekondêre skole lyfstraf toedien, te meet.

### 3.2.4 Administratiewe prosedure (Transvaalse Onderwysdepartement)

Die toestemmingsbrief tesame met 'n afskrif van die vraelys wat aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys van die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur is, het onder andere toestemming gevra om voort te gaan met navorsing in sekondêre skole in Transvaal. Toestemming is van die Buro van Onderwys verkry. (Vergl. bylae B.)

Elke skoolhoof, wat bepaal is volgens die ewekansige steekproef (vergl. 3.2.5), het 'n toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang, asook 'n uiteensetting van die navorser waarin hy die doel en aard van die navorsing uiteensit. (Vergl. bylae C en bylae D.)

### 3.2.5 Populasie en steekproef

Die populasie is alle skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal. Die getal Afrikaanse sekondêre skole is 149.

Die volgende formule is gebruik om die grootte van die steekproef te bepaal:

$$n \geq \frac{N}{1 + \frac{N(d)}{10\,000}}$$

- n = grootte van die steekproef
- N = die populasie (149)
- d = 5 vir 5% akkuraatheid

Uit die verwerking van die formule is die volgende bepaal:
Die grootte van die steekproef = 109.

'n Ewekansige steekproef van sekondêre skole in Transvaal is vervolgens gedoen. (Vergl. 3.2.5.)

### 3.2.6 Vraelyste uitgestuur en terugontvang

Die volgende hoeveelheid vraelyste wat uitgestuur is, is terugontvang:

*TABEL 3.1: Vraelyste uitgestuur en ontvang*

| VRAELYSTE UITGESTUUR | VRAELYSTE ONTVANG | PERSENTASIE-RESPONS |
|---|---|---|
| 109 | 79 | 72.4 |

Daar is 79 van die 109 vraelyste wat uitgestuur is terugontvang. (Vergl. tabel 3.1.) Vyf van die 109 vraelyste is aan meisieskole gestuur wat nie daarop gereageer het nie omdat lyfstraf nie daar toegepas word nie.

Die aantal vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig dus 72,4% van dié wat uitgestuur is.

Landman (1980:112) is van mening dat betroubare en geldige afleidings gemaak kan word as daar minstens 70% respons is.

### 3.2.7 Gestruktueerde telefoniese opnames

Deur middel van gestruktueerde telefoniese opnames is daar opnames by die tersiêre opleidingsinstansies in Onderwysbestuur in die RSA gemaak.

### 3.2.8 Statistiese tegnieke

#### 3.2.8.1 Die S.A.S.-program

Inligting wat verkry is uit die vraelyste is op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO met behulp van 'n SAS-(Statistical Analysis System) rekenaarprogrampakket (SAS

Institute Inc., 1985) verwerk. By elke vraag is die frekwensie en persentasie volgens die PROC FREC (frequency procedure) van SAS verkry.

#### 3.2.8.2 Frekwensie-ontledings

'n Frekwensie-ontleding is gebruik om vas te stel hoe die respondente op die verskillende items van die vraelys gereageer het. Hierdie data is vervat in tabelle. (Vergl. tabelle 3.2 - 3.8.)

Tweerigtingfrekwensies is gebruik om eerstens te bepaal of daar 'n verband is tussen die onderwysregskwalifikasies van die respondente (vraag 1.6) en die mags- en gesagsbronne van die respondente. (Vergl. vrae 3.1 en 3.2 en tabel 3.9.) Tweedens is daar ook na 'n moontlike verband gesoek tussen die ouerweerstand ten opsigte van lyfstraftoediening op die platteland versus die stedelike skole van die studiepopulasie.

#### 3.2.8.3 Variansieanalise

'n Variansieanalise met Tukey (GLM Prosedure van SAS) is ook op enkele veranderlikes toegepas om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil is Hiermee kon tussen respondente wat geen onderwysregskwalifikasie het nie, teenoor dié wat opleidingsgeleenthede bygewoon het en dié wat formele onderwysregskwalifikasies het onderskei word, ten opsigte van die gebruik van logiese afleidings vanaf statutêre bronne.

## 3.3 INTERPRETASIE VAN DATA

Alle afleidings wat uit hierdie navorsing gemaak is, geld slegs vir Afrikaanse gemengde en sekondêre seunskole in die Transvaalse Onderwysdepartement en nie vir meisieskole in Transvaal of alle sekondêre skole in die res van die RSA nie.

Ten einde 'n sinvolle ontleding van die versamelde data te maak, is die biografiese en demografiese gegewens van die respondente ontleed.

### 3.3.1 Biografiese besonderhede

Die doel waarvoor die biografiese inligting (vergl. bylae A, vraag 1.1 - 1.7) ingewin is, was om vas te stel of die ouderdom, geslag,kwalifikasies en ondervinding van skoolhoofde enige invloed uitoefen op hulle beheersingsbevoegdheid. (Vergl. tabel 3.2.)

*TABEL 3.2: Biografiese gegewens van hoofde*

| BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE | f | % |
|---|---|---|
| **1.1 Ouderdom** | | |
| 25 - 30 | 0 | 0,0 |
| 31 - 35 | 1 | 1,3 |
| 36 - 45 | 37 | 46,8 |
| 46 - 55 | 30 | 38,0 |
| Ouer as 56 jaar | 11 | 13,9 |
| Totaal | 79 | 100,0 |
| **1.2 Onderwyservaring as hoof** | | |
| 1 jaar | 17 | 21,5 |
| 2 jaar | 9 | 11,4 |
| 3 jaar | 8 | 10,1 |
| 4 jaar en langer | 43 | 54,4 |
| Nulrespons | 2 | 2,5 |
| Totaal | 79 | 100,0 |
| **1.3 Aanstelling as hoof** | | |
| Permanent | 74 | 93,7 |
| Waarnemend | 5 | 6,3 |
| Totaal | 79 | 100,0 |
| **1.4 Kategorie-indeling** | | |
| C | 0 | 0,0 |
| D | 5 | 6,3 |
| E | 26 | 32,9 |
| F | 35 | 44,3 |
| G | 13 | 16,5 |
| Totaal | 79 | 100,0 |

f = Frekwensie

*TABEL 3.2: Biografiese gegewens van hoofde (vervolg)*

| BIOGRAFIESE GEGEWENS | RESPONS | | GEEN RESPONS | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| **1.5 Onderwysbestuurskwalifikasies** | | | | | | |
| **Opleidingsgeleenthede** | | | | | | |
| Kursus | 22 | 27,8 | 57 | 72,2 | 79 | 100,0 |
| Simposium | 24 | 30,4 | 55 | 69,6 | 79 | 100,0 |
| **Formele kwalifikasies** | | | | | | |
| B.Ed.-module(s) | 34 | 43,0 | 45 | 57,0 | 79 | 100,0 |
| M.Ed. | 14 | 17,7 | 65 | 82,3 | 79 | 100,0 |
| D.Ed. | 2 | 2,5 | 77 | 97,5 | 79 | 100,0 |
| Ander | 13 | 16,5 | 66 | 83,5 | 79 | 100,0 |
| Geen | 7 | 8,9 | 72 | 91,1 | 79 | 100,0 |
| **1.6 Onderwysregskwalifikasies** | | | | | | |
| **Opleidingsgeleenthede** | | | | | | |
| Kursus | 16 | 20,3 | 63 | 79,7 | 79 | 100,0 |
| Simposium | 23 | 29,1 | 56 | 70,9 | 79 | 100,0 |
| **Formele kwalifikasies** | | | | | | |
| B.Ed.-module(s) | 29 | 36,7 | 50 | 63,3 | 79 | 100,0 |
| M.Ed. | 4 | 5,1 | 75 | 94,9 | 79 | 100,0 |
| D.Ed. | 0 | 0,0 | 79 | 100,0 | 79 | 100,0 |
| Ander | 13 | 16,5 | 66 | 83,5 | 79 | 100,0 |
| Geen | 14 | 17,7 | 65 | 82,3 | 79 | 100,0 |

| **1.7 Geslag** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| Manlik | 79 | 100,0 |
| Vroulik | 0 | 0,0 |
| Totaal | 79 | 100,0 |

f = Frekwensie

#### 3.3.1.1 Ouderdom van respondente

Die doel van die vraag (vergl. bylae A,vraag 1.1) is om vas te stel onder watter ouderdomsgroep skoolhoofde ressorteer. (Vergl. tabel 3.2.)

Van die respondente is 46,8% in die ouderdomsgroep 36 - 45 jaar (vergl. tabel 3.2), terwyl 38,0% 46 - 55 jaar is. Slegs een respondent kom in die ouderdomsgroep 30 - 35 jaar voor, terwyl slegs 13,9% ouer as 56 jaar is. Dit blyk dus vanuit die gegewens in tabel 3.2 dat die skoolhoofde van die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole in die studiepopulasie oor lewenservaring beskik.

#### 3.3.1.2 Ervaring as skoolhoof

Hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 1.2) het ten doel om te bepaal hoe ervare die skoolhoof is ten opsigte van hoofskap in die pos wat hy/sy tans beklee. (Vergl. tabel 3.2.)

Uit die data van tabel 3.2 (vraag 1.2) blyk die volgende: Meer as die helfte van die skoolhoofde (54,4%) het vier jaar en meer ondervinding as skoolhoof. Die groep met die tweede meeste ervaring (10,1%) is skoolhoofde wat drie jaar ervaring het. Sewentien (21,5%) skoolhoofde het slegs een jaar ondervinding.

Die meeste respondente (64,5%) is dus redelik ervare in die pos as skoolhoof.

#### 3.3.1.3 Aanstelling as hoof

Die doel van die vraag (vergl. bylae A, vraag 1.3) is om te bepaal watter persentasie skoolhoofde in permanente of in waarnemende hoedanigheid aangestel is.

Die hoofde in permanente poste is die oorgrote meërderheid 93,7% (vergl. tabel 3.2), terwyl die hoofde in waarnemende poste slegs 6,3% van die totaal uitmaak.

#### 3.3.1.4 Indeling van hoofde in kategorieë

Hierdie vraag poog om vas te stel onder watter kategorie (akademiese en professionele kwalifikasies) skoolhoofde ressorteer. (Vergl. bylae A, vraag 1.4.)

Volgens tabel 3.2 is die meeste skoolhoofde in kategorie F (44,3%), terwyl 32,9% in kategorie E en 16,5% in kategorie G is. Daarteenoor is slegs 6,3% in kategorie D en

geeneen in kategorie C nie. Dit blyk dus dat 93,7% van die respondente oor minstens vier jaar opleiding of meer beskik. Dit dien vermeld te word dat 60,8% van die skoolhoofde onder die laaste twee kategorieë (d.i. F en G ) ressorteer.

Skoolhoofde van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal is dus oor die algemeen goed opgelei en die meerderheid beskik oor meer onderwyskwalifikasies as die verlangde Baccalaureusgraad en professionele onderwyskwalifikasie wat daar vir 'n hoofpos vereis word (RSA, 1993:8).

### 3.3.1.5 Onderwysbestuurskwalifikasies

Die doel van die vraag (vergl. bylae A, vraag 1.5) is om te bepaal hoeveel van die hoofde 'n onderwysbestuurskwalifikasie besit, en watter spesifieke kwalifikasie verwerf is.

Die grootste persentasie van die respondente (63,2%), beskik oor formele onderwysbestuurskwalifikasies (vergl. tabel 3.2), terwyl 58,2% opleidingsgeleenthede bygewoon het (kursus en/of simposium). Slegs 8,9% van die respondente het nog geen onderwysbestuurskwalifikasie verwerf of 'n opleidingsgeleentheid bygewoon nie.

Vanuit die respons verkry op vrae 1.4 en 1.5 (vergl. tabel 3.2) blyk dit dat die kwalifikasies wat skoolhoofde verwerf het om in kategorie E, F en G te val, nie noodwendig onderwysbestuurskwalifikasies was nie. Die feit dat 93,7% van die respondente in die kategorie E tot G gegroepeer is en slegs 63,2% oor onderwysbestuurskwalifikasies beskik wat die respondent in bogenoemde kategorieë plaas, lei tot die aanname dat sommige skoolhoofde waarskynlik ook oor diplomas en ander nagraadse kwalifikasies beskik wat buite die onderwysbestuursvakdissipline val.

### 3.3.1.6 Onderwysregskwalifikasies.

Die doel met hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 1.7) is om vas te stel wat die onderwysregskwalifikasies en/of opleidingsblootstelling is van die skoolhoofde is. (Vergl. Tabel 3.2.)

Slegs 17,7% van die respondente het geen onderwysregskwalifikasies of opleiding nie. Feitlik die helfte (49,4%) het opleidingsgeleenthede bygewoon en 41,8% het formele kwalifikasies in Onderwysreg. Die meeste respondente het dus een of ander vorm van onderwysregskwalifikasie of het opleidingsblootstelling gehad.

#### 3.3.1.7 Geslag van die skoolhoofde

Die doel van die vraag (vergl. bylae A, vraag 1.6) is om te bepaal wat die getal vroulike skoolhoofde in verhouding tot hulle manlike kollegas is.

Volgens tabel 3.2 is 100% van die skoolhoofde manlik en 0% vroulik.

#### 3.3.1.8 Profiel van die respodente

Uit die voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die respondente oor die algemeen ervare is in hulle poste, hoofsaaklik in die ouderdomsgroep 36 - 55 jaar, en feitlik almal permanente manlike hoofde is wat oorwegend in kategorie E tot G is. Die meeste hoofde in die steekproef beskik ook oor bywonende of formele onderwys-bestuurskwalifikasies wat onderwysregskwalifikasies insluit.

### 3.3.2 Demografiese besonderhede

Deur middel van sekere demografiese gegewens kan die profiel van die respondent soos verkry uit die biografiese gegewens (vergl. 3.3.1 ) verder toegelig en versterk word. In die demografiese profiel word verwys na 'n aantal leerlinge in die skool, ligging van die skool en skooltipe. (Vergl. bylae A, vraag 2.1 tot 2.3.)

#### 3.3.2.1 Aantal leerlinge in die skool

Hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 2.1) het ten doel om die grootte van die betrokke gemiddelde Afrikaanse sekondêre skool van die studiepopulasie vas te stel. (Vergl. tabel 3.3.)

Die mees verteenwoordigende groep (54,4%) is die skole met getalle meer as 801 leerlinge. Dit blyk ook uit tabel 3.3 dat 91,1% van die skole 'n leelingtal van 401 en meer leerlinge in die skool het.

Hieruit kan afgelei word dat die respondente verteenwoordigend is van alle posvlakke wat daar vir skoolhoofde beskikbaar is (posvlak 4, 5 en 6) maar dat die meeste hoofde (54,4%) posvlak 5 en ses beman.

*TABEL 3.3: Demografiese besonderhede van skole*

| DEMOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN SKOLE | f | % |
|---|---|---|
| **2.1 Aantal leerlinge in die skool** | | |
| 50 - 100 | 0 | 0,0 |
| 101 - 200 | 1 | 1,3 |
| 201 - 300 | 2 | 2,5 |
| 301 - 400 | 4 | 5,1 |
| 401 - 500 | 4 | 5,1 |
| 501 - 600 | 8 | 10,1 |
| 601 - 700 | 9 | 11,4 |
| 701 - 800 | 8 | 10,1 |
| Meer as 801 leerlinge | 43 | 54,4 |
| Totaal | 79 | 100,0 |
| **2.2 Ligging van skool** | | |
| Stedelik | 33 | 41,8 |
| Semi-stedelik | 20 | 25,3 |
| Plattelands | 26 | 32,9 |
| Totaal | 79 | 100,0 |
| **2.3 Skooltipe** | | |
| Openbare skool | 2 | 2,5 |
| Staatsondersteunde skool | 77 | 97,5 |
| Private skool | 0 | 0,0 |
| Totaal | 79 | 100,0 |

f = Frekwensie

#### 3.3.2.2 Ligging van die skool

Die doel van die vraag (vergl. bylae A, vraag 2.2) is om te bepaal waar die skole geografies geleë is ten opsigte van die stedelike, semi-stedelike en plattelandse gebiede en om vas te stel of daar 'n bepaalbare afwyking is in die toepassing van lyfstraf deur die respondente wat in die onderskeie gebiede hoofposte beklee.

Tabel 3.3 verskaf die volgende gegewens: Die skole wat in die studie betrek is, is hoofsaaklik in die stedelike gebiede (41,8%) terwyl 25,3% in die semi-stedelike gebiede geleë is. Plattelandse skole vorm slegs 32,9% van die totale steekproef.

Die respondente verteenwoordig dus oorwegend die stedelike (41,8%) en semi-stedelike skole (25,3%).

#### 3.3.2.3 Skooltipe

In hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 2.3) word gepoog om vas te stel watter tipe skool deur die respondent verteenwoordig word.

Die mees verteenwoordigende skooltipe in die respons is die staatsondersteunde skool (97,5%), terwyl openbare skole slegs 2,5% van die totale steekproef vorm.

Samevattend kan dit dus gestel word dat die demografiese gegewens getoon het dat die skoolhoofde oorwegend poste van gemiddelde tot groot Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal beman, terwyl die meeste skole in die stedelik en semi-stedelike gebiede geleë is. Die skooltipe is feitlik almal staatsondersteunde skole met slegs 2,5% wat openbare skole is.

### 3.3.3 Mag en gesag as determinante van die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof

By die onderskeie onderafdelings van punt 3.3.3 is daar van die respondent verwag om aan te dui in watter mate hy gebruik maak van die mags- en gesagsbasisse tot sy beskikking indien hy die leerlinge wil beïnvloed of wanneer lyfstraf toegepas moet word.

Ter wille van die ontleding van die response is afleiers 1 en 2 (altyd en dikwels) saamgevoeg en beskryf as "merendeels" en afleiers 3 en 4 (selde en nooit) as "in 'n mindere mate".

*TABEL 3.4: Mag en gesag as determinante van die beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder*

| MAG EN GESAG | | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | | NUL-RESPONS | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.1 | Mag as determinant | | | | | | | | | | | | |
| | Dwang | 0 | 0,0 | 4 | 5,1 | 47 | 59,5 | 26 | 32,9 | 2 | 2,5 | 79 | 100 |
| | Beloning | 7 | 8,9 | 46 | 58,2 | 19 | 24,1 | 5 | 6,3 | 2 | 2,5 | 79 | 100 |
| | Meerdere kennis | 15 | 19,0 | 59 | 74,7 | 5 | 6,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| | Respek vir hoof | 14 | 17,7 | 46 | 58,2 | 12 | 15,2 | 6 | 7,6 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| | Mag van hoofpos | 1 | 1,3 | 8 | 10,1 | 49 | 62,0 | 20 | 25,3 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| 3.2 | Gesagsbronne | | | | | | | | | | | | |
| | Onderwysregulasies | 17 | 21,5 | 42 | 53,2 | 19 | 24,1 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| | Departementele beleid | 24 | 30,4 | 47 | 59,5 | 7 | 8,9 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| | Skoolbeleid | 33 | 41,8 | 40 | 50,6 | 5 | 6,3 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| | Reëls | 31 | 39,2 | 43 | 54,4 | 4 | 5,1 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| | Logiese afleidings | 29 | 36,7 | 45 | 57,0 | 4 | 5,1 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |

f = Frekwensie

### 3.3.3.1 Mag as determinant

Die doel van hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 3.1) is om te bepaal in watter mate die onderskeie magsbasisse, waarop die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof berus, deur die respondente gebruik word. (Vergl. tabel 3.4.)

Tabel 3.4 toon aan dat die respondente merendeels van die volgende magsbasisse gebruik maak by die uitoefening van hul beheersingsbevoegdheid:

- Beloning in 67,1% gevalle.
- Die aanwending van meerdere kennis (93,7% gevalle).
- Respek teenoor die respondent betoon in 75,9% gevalle.

Die respondente maak in 'n mindere mate gebruik van die volgende magsbasisse in die uitoefening van hul beheersingsbevoegdheid:

- Dwang in 5,1%.
- Die mag wat aan sy pos kleef (11,4%).

Die afleiding word dus gemaak dat skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal nie op outoritêre wyse van dwang en magsposisie gebruik maak om sy skoolgemeenskap te beïnvloed nie, maar eerder op sy meerdere kennis, respek jeens hom en op beloning staat maak. In uiterste gevalle word daar egter nog na die magsbasisse van dwang (5,1%) en magsposisie (11,4%) gegryp.

### 3.3.3.2 Gesagsbronne

Met hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 3.2) word gepoog om te bepaal in watter mate skoolhoofde van die beskikbare gesagsbronne gebruik maak. (Vergl. tabel 3.4.)

Die gegewens verkry uit die respons (vergl. tabel 3.4) toon dat die respondente merendeels van die volgende gesagsbronne gebruik maak in die uitoefening van hul beheersingsbevoegdheid:

- Onderwysregulasies (74,7%).
- Departementele beleid (89,9%).
- Die skoolbeleid (92,4%).
- Skoolreëls (93,6%).
- Logiese afleidings wat gemaak word vanuit voorafgenoemde bronne (93,7%).

Dit blyk dus uit die gegewens in tabel 3.4 dat die respondente wel merendeels gebruik maak van die gesagsbronne tot hul beskikking.

### 3.3.4 Juridies opvoedkundige riglyne

By die onderskeie onderafdelings van punt 3.3.4, is daar van die respondent verwag om aan te dui in watter mate hy gebruik maak van die juridies opvoedkundige riglyne vir lyfstraf. Die respons op die volgende vrae is gebruik onder hierdie punt: 3.4, 3.5 en 3.6. (Vergl. tabel 3.5.)

*TABEL 3.5: Juridies opvoedkundige riglyne vir lyfstraf*

| JURIDIES OPVOEDKUNDIGE RIGLYNE | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | | NUL-RESPONS | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| **3.4 Onderhoudvoering** | | | | | | | | | | | | |
| Gereeldheid van onderhoudvoering | 59 | 74,7 | 18 | 22,8 | 2 | 2,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| **3.5 Reëls van natuurlike geregtigheid** | | | | | | | | | | | | |
| Slegs tersaaklike feite geld tydens onderhoud | 45 | 57,0 | 19 | 24,0 | 12 | 15,2 | 3 | 3,8 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Redes waarom lyfstraf toegedien word, word verskaf | 78 | 98,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| **36 Liggaamlike en geestelike toestand van die oortreder** | | | | | | | | | | | | |
| Vlak van intelligensie | 20 | 25,3 | 35 | 44,3 | 18 | 22,8 | 6 | 7,6 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Eerste oortreding | 53 | 67,1 | 21 | 26,6 | 2 | 2,5 | 3 | 3,8 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Huislike omstandighede | 26 | 32,9 | 46 | 58,2 | 6 | 7,6 | 1 | 1,3 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |

f = Frekwensie

Ter wille van die ontleding van die response is afleiers 1 en 2 (altyd en dikwels) saamgevoeg en beskryf as "merendeels" terwyl afleiers 3 en 4 (selde en nooit) saamgevoeg en beskryf is as " in 'n mindere mate ".

Die respons op vrae 3.3, 3.4, 3.5, 3.6, 4.1 en 4.2 word aangewend om vas te stel of skoolhoofde in Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal wel bewus is van die juridies opvoedkundige riglyne vir lyfstraf en of daar wel daarvolgens lyfstraf toegedien word.

Alhoewel die vrae nie 'n onderskeid maak tussen juridiese riglyne en vereistes nie, word daar wel in die ontleding van die response in meegaande tabelle duidelik onderskeid getref. (Vergl. 3.3.5. en tabel 3.5 en 3.6.)

Riglyne is nie-afdwingbare rigsnoere wat uit die opvoedkundige en regsbronne afgelei kan word. Hierteenoor is *vereistes* afdwingbare stipulasies wat in wette, regulasies en ander statutêre bronne voorkom óf ingevolge gemeenregtelike beginsels geldend is en wat stiptelik nagekom moet word.

□ **Onderhoudvoering**

Hierdie vraag het ten doel om die frekwensie waarteen skoolhoofde onderhoude voer met leerlinge wat lyfstraf gaan ontvang, vas te stel. (Vergl. bylae A, vraag 3.4 en tabel 3.5.)

Tabel 3.5 toon aan dat 97,5% van die skoolhoofde merendeels hierdie juridies opvoedkundige riglyn volg. Die afleiding kan dus gemaak word dat die respondente hierdie belangrike audi alteram partem beginsel eerbiedig en die oortreder die reg gee om aangehoor te word. (Vergl. 2.6.2.1.)

□ **Reëls van natuurlike geregtigheid**

In hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 3.5) word daar gemeet in watter mate die respondent die riglyne nakom vir die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid wanneer 'n onderhoud gevoer word met leerlinge wat oortree het. (Vergl. tabel 3.5.)

Die respondente dui merendeels (81%) aan dat slegs die tersaaklike feite genoem moet word tydens die onderhoud met die oortreder, terwyl respondente in die meeste gevalle (98,7%) redes verskaf waarom lyfstraf toegedien gaan word.

Vraag 3.6 (vergl. bylae A) het ten doel om vas te stel in watter mate die individuele omstandighede van die leerling wat oortree het, die respondent beïnvloed in sy besluit om lyfstraf toe te dien. (Vergl. tabel 3.5.)

Tabel 3.5 toon aan dat die respondente merendeels deur die volgende individuele omstandighede van die oortreder beïnvloed word wanneer hulle moet besluit of lyfstraf toegedien moet word of nie:

- Oortreder se vlak van intelligensie (69,6%).
- Eerste keer wat leerling oortree (93,7%).
- Die huislike omstandighede van die oortreder (91,1%).

Die respons toon dus aan dat skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal merendeels die individuele omstandighede van die kind in ag neem,maar dat 'n redelike groot persentasie skoolhoofde dit nog nie ten volle doen nie.

### 3.3.5 Juridies opvoedkundige vereistes

By die onderafdelings van punt 3.3.5, is daar van die respondent verwag om aan te dui in watter mate hy gebruik maak van die juridiese vereistes vir lyfstraf wanneer hy aan 'n leerling lyfstraf toedien. Die respons op die volgende vrae is gebruik onder hierdie punt: 3.3, 3.5, 3.6, 4.1 en 4.2. (Vergl. tabel 3.6.) Om die respons sinvol te ontleed, word die eerste afleier (altyd) as "korrek" beskou terwyl die tweede, derde en vierde afleiers (dikwels, selde en nooit) saamgevoeg word as foutief.

□ **Aantal houe**

Met hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 3.3) word gepoog om vas te stel hoeveel houe die respondente toedien indien 'n leerling 'n baie ernstige oortreding begaan het. (Vergl. tabel 3.6.) Om die respons sinvol te ontleed, word 1 tot 5 houe as "korrek" beskou terwyl 6 houe en meer as foutief beskou word.

Die meerderheid respondente (94,9%) pas hierdie juridies opvoedkundige vereiste korrek toe en dien 5 houe of minder toe maar 3,8% van die respondente fouteer en dien 6 houe en meer toe. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat hierdie hoofde nie bewus is van die wysiging van Regulasie 4(1) betreffende die beheer van leerlinge in skole en koshuise nie. Hiervolgens is die maksimum toelaatbare aantal houe wat 'n leerling mag ontvang vyf (Vergl. 2.6.1.3.)

*TABEL 3.6: Juridies opvoedkundige vereistes vir lyfstraf*

| JURIDIES OPVOEDKUNDIGE VEREISTES VIR LYFSTRAF | | KORREK | | FOUTIEF | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % |
| 3.3 | Maksimum aantal houe vir emstige oortreding | | | | | | |
| | Vyf houe en minder | 75 | 94,9 | 0 | 0 | 75 | 94,9 |
| | Ses houe en meer | 0 | 0,0 | 3 | 3,8 | 3 | 3,8 |
| | Nulrespons | 1 = 1,3% | | | | 79 | 100 |
| 3.5 | Reëls van natuurlike geregtigheid | | | | | | |
| | Onderhoudvoerder sonder vooroordeel | 60 | 75,9 | 19 | 24,1 | 79 | 100 |
| | Oortreder kan saak stel | 76 | 96,2 | 3 | 3,8 | 79 | 100 |
| 3.6 | Liggaamlike en geestelike toestand van die oortreder | | | | | | |
| | Ouderdom van oortreder | 29 | 36,7 | 50 | 63,3 | 79 | 100 |
| | Fisieke toestand van oortreder | 61 | 77,2 | 18 | 22,8 | 79 | 100 |
| 4.1 | Lyfstrafregister | | | | | | |
| | Lyfstrafregister ter insae vir bestuursliggaam | 63 | 79,7 | 16 | 20,3 | 79 | 100 |
| 4.2 | Navolging van juridiese vereistes | | | | | | |
| | Voltooiing van lyfstrafregister | 69 | 87,3 | 10 | 12,7 | 79 | 100 |
| | Lyfstraf slegs in kantoor | 72 | 91,1 | 7 | 8,9 | 79 | 100 |
| | Met voorgeskrewe rottang | 75 | 94,9 | 4 | 5,1 | 79 | 100 |
| | Slegs hoof of gevolmagtigde dien lyfstraf toe | 73 | 92,4 | 6 | 7,6 | 79 | 100 |
| | Ander leerlinge word uitgestuur | 69 | 87,3 | 10 | 12,7 | 79 | 100 |

f = Frekwensie

### □ Nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid

Vraag 3.5 (vergl. bylae A) het ten doel om te bepaal in watter mate die respondent voldoen aan die vereistes wat geld vir die nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid wanneer 'n onderhoud gevoer word met leerlinge wat oortree het. (Vergl. tabel 3.6.)

Vanuit die gegewens verkry uit die respons blyk dit dat 24,1 persent respondente wel per geleentheid met vooroordeel optree wanneer 'n onderhoud gevoer word met die oortreder. Skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal oorskry dus wel die reëls van natuurlike geregtigheid tydens die onderhoudvoering met die oortreder deur veral nie altyd sonder vooroordeel teenoor hom op te tree nie. (Vergl. 2.3.3.2 kwasi-judisiële bevoegdheid en tabel (3.6.)

Tabel 3.6 toon ook dat 96,2% respondente korrek volgens Regulasie 4(1) optree en die oortreder wel die geleentheid gee om sy saak te stel.

Soos verder blyk uit die gegewens in tabel 3.6 fouteer 63,3% respondente deur *nie altyd* die ouderdom van die oortreder in ag te neem nie. Ook word die fisieke toestand van die oortreder foutiewelik deur 22,8% respondente buite rekening gelaat. Volgens Regulasie 4(1) (vergl. 2.6.2.2 ) word dit as 'n vereiste gestel dat die ouderdom en fisieke toestand van die oortreder in ag geneem moet word tydens die toediening van lyfstraf.

□ **Lyfstrafregister**

Die doel met hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 4.1) is om vas te stel of die respondente bewus is van die wysiging van Regulasie 4(2) van die Regulasies betreffende die beheer van leerlinge in skole en koshuise en of hulle dit toepas. Die wysiging bepaal dat die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool die strafregister ter insae moet kry. (Vergl. tabel 3.6.)

Die gegewens in tabel 3.6 toon aan dat 20,3% van die respondente fouteer deur hierdie Regulasie nie na te kom nie. Dit dien daar op gewys te word dat Regulasie 4(2) wel hierdie wysiging aandui, maar dat die *Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD,* 1993:2-4) nie hierdie wysiging opgeneem het nie.

Die afleiding word dus gemaak dat die respondente waarskynlik nie almal (20,3%) van hierdie verwikkelinge in die Regulasies met betrekking tot die toediening van lyfstraf bewus is nie of dat hul die Regulasie nie korrek interpreteer nie. Bogenoemde is waarskynlik die gevolg van die redelike groot persentasie respondente (24,1%) wat in 'n mindere mate van die Regulasies vir die toediening van lyfstraf gebruik maak. (Vergelyk tabel 3.4.)

□ **Prosedure by die toediening van lyfstraf**

Hierdie vraag poog om die mate waarmee die respondente volgens die voorgeskrewe stipulasies lyfstraf toedien, te meet. (Vergl. bylae A, vraag 4.2 en tabel 3.6.)

Tabel 3.6 toon dat die respondente die volgende juridiese vereistes vir die toediening van lyfstraf grootliks korrek navolg:

- In 87,3% gevalle word die lyfstrafregister voltooi.
- In die kantoor (91,1%).
- Met 'n rottang soos voorgeskryf (94,9%).
- Die hoof self of sy gevolmagtigde dien die lyfstraf toe (92,4%).
- Ander leerling word uitgestuur (87,3%).

Uit die gegewens verkry uit die respons kan daar dus samevattend die afleiding gemaak word dat die skoolhoofde van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal nie altyd die juridiese vereistes vir die toediening van lyfstraf stiptelik navolg nie. Hierdie afleiding hang moontlik saam met die 24,1% respondente wat aangetoon het dat hul die Regulasies vir die toedien van lyfstraf in 'n mindere mate gebruik. (Vergl. tabel 3.4.)

### 3.3.6 Teenkanting teen lyfstraf

By die onderskeie onderafdelings van punt 3.3.6 is daar van die respondent verwag om aan te dui in watter mate hy teenkanting teen lyfstraf ervaar indien hy 'n leerling lyfstraf toedien. Om die ontleding van die respons te vergemaklik, is afleiers 1 en 2 (altyd en dikwels) saamgevoeg as "merendeels " terwyl afleiers 3 en 4 (selde en nooit) saamgevoeg is as "in 'n mindere mate".

Met die groter wordende beklemtoning van *'n Akte vir Menseregte* in gedagte en met die gepaardgaande verwerping van lyfstraf, het vrae 3.7 tot 3.9 (bylae A) ten doel om vas te stel in watter mate die druk van ouerkant af (volgens die skoolhoofde se mening) teen lyfstraf bestaan. (Vergl. tabel 3.7.)

#### 3.3.6.1 Ouerdruk teen lyfstraf

Met hierdie vraag (vergl. bylae A, vraag 3.7) reageer die respondent ten opsigte van die mate van druk wat vanaf ouers ontvang word wanneer lyfstraf toegedien word. (Vergl. tabel 3.7.)

*TABEL 3.7: Teenkanting teen lyfstraf*

| TEENKANTING TEEN LYFSTRAF | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | | NUL-RESPONS | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.7 Ouderdruk | | | | | | | | | | | | |
| Stokkiesdraai | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 18 | 22,8 | 60 | 75,9 | 0 | 0 | 79 | 100 |
| Haarlengte nie volgens reëls | 0 | 0,0 | 12 | 15,2 | 59 | 74,7 | 7 | 8,9 | 1 | 1,3 | 79 | 100 |
| Wangedrag | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 24 | 30,4 | 55 | 69,6 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Konfrontasie met onderwysers | 0 | 0,0 | 3 | 3,8 | 51 | 64,6 | 25 | 31,6 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Swak akademiese prestasie | 0 | 0,0 | 2 | 2,5 | 54 | 68,4 | 20 | 25,3 | 3 | 3,8 | 79 | 100 |

| 3.8 Hofsake oor lyfstraf | f | % |
|---|---|---|
| Ja | 4 | 5,1 |
| Nee | 75 | 94.9 |
| Totaal | 79 | 100 |

| TEENKANTING TEEN LYFSTRAF | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | | NUL-RESPONS | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.9 Formele klagte oor lyfstraf | | | | | | | | | | | | |
| Gereeldheid van klagtes | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 36 | 45,5 | 42 | 53,2 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |

f = Frekwensie

Soos blyk uit die gegewens in tabel 3.7 ervaar die respondente merendeels ouerdruk wanneer daar vir die volgende oortredings lyfstraf toegedien word:

- Vir stokkiesdraai (1,3%).
- Haarlengtes wat nie korrek volgens skoolreëls is nie (15,2%).

- Wanneer die oortreder hom skuldig gemaak het aan wangedrag word geen druk (0%) ervaar nie.
- In 3,8% gevalle waar die oortreder in konfrontasie met onderwysers was.
- Vir swak akademiese prestasie (2,5%).

Die respons toon dus duidelik dat die meeste ouers min of geen druk toepas wanneer lyfstraf toegedien word nie. Hieruit kan afgelei word dat die ouers van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal nog in 'n groot mate lyfstraf aanvaar sonder om protes aan te teken. Wanneer ouers wel druk toepas, is wanneer daar na hul mening lyfstraf vir 'n minder ernstige oortreding soos lang hare toegedien is.

**3.3.6.2 Hofsake as gevolg van lyfstraf**

Die doel van die vraag (vergl. bylae A, vraag 3.8) is om vas te stel hoeveel skole reeds betrek is in hofsake oor lyfstraf. (Vergelyk tabel 3.7.)

Dit word duidelik uit tabel 3.7 dat slegs 5,1% die skole voorheen in 'n hofsaak oor lyfstraf betrokke was en dat die oorgrootte meerderheid skole (94,9%) nog nie strafregtelik oor lyfstraf betrokke was nie.

Alhoewel die persentasie hofsake oënskynlik laag is, is dit tog vanuit 'n onderwysregtelike perspektief betekenisvol dat daar wel soms strafregtelik teen skole opgetree word indien die onderwyser sy/haar tugbevoegdheid oorskry ten opsigte van lyfstraf.

Vraag 3.9 (vergl. bylae A) beoog om die frekwensie waarteen formele klagtes teen die skool aanhangig gemaak word, maar wat nie 'n hofsaak tot gevolg het nie, vas te stel. (Vergl. tabel 3.7.)

Uit die respons het 98,7% van die respondente aangetoon dat daar in 'n mindere mate formele klagtes oor lyfstraf ingedien word. (Vergl. tabel 3.7.) Moontlike verklarings hiervoor kan gevind word uit die gegewens in tabel 3.4 wat aantoon dat die respondente merendeels (93,7%) van hul meerdere kennis en (75,9%) van die respek teenoor hom betoon, gebruik maak om sy leerlinge te beïnvloed. Dwang en die mag van sy pos word onderskeidelik in 'n mindere mate deur 5,1 en 11,4% van die respondente gebruik.

Die feit dat daar in 'n mindere mate formele klagtes oor lyfstraf ingedien word, kan moontlik ook verklaar word deur te verwys na die gerigtheid van die respondente wanneer lyfstraf toegedien word. Die meeste respondente (94,9%) dien lyfstraf toe ter

verbetering van die oortreder. Geen respondent dien lyfstraf toe om te vergeld nie. (Vergl. tabel 3.8.)

### 3.3.7 Die gerigtheid van lyfstraf

By die onderskeie onderafdelings van punt 3.3.7 is daar van die respondent verwag om aan te dui wat die gerigtheid is waarmee hy lyfstraf toedien.

Om die respons sinvol te ontleed, is afleiers 1 en 2 (altyd en dikwels) saamgevoeg en beskryf as "merendeels" terwyl afleiers 3 en 4 (selde en nooit) saamgevoeg en beskryf is as "in 'n mindere mate".

Vraag 4.3 (vergl. bylae A) het ten doel om vas te stel wat die gerigtheid is van skoolhoofde wanneer lyfstraf toegedien word. (Vergl. tabel 3.8.)

*TABEL 3.8: Die gerigtheid van lyfstraf*

| DIE GERIGTHEID VAN LYFSTRAF | ALTYD | | DIKWELS | | SELDE | | NOOIT | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| **4.3** Hoof se motiewe met lyfstraf | | | | | | | | | | |
| Ter verbetering | 75 | 94,9 | 4 | 5,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 79 | 100 |
| Om te vergeld | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 20 | 25,3 | 59 | 74,7 | 79 | 100 |
| Om leerlinge af te skrik | 22 | 27,9 | 40 | 50,6 | 11 | 13,9 | 6 | 7,6 | 79 | 100 |
| Om orde en dissipline te bevorder | 41 | 51,9 | 24 | 30,4 | 11 | 13,9 | 3 | 3,8 | 79 | 100 |

f = Frekwensie

Tabel 3.8 toon dat die gerigtheid van die respondente merendeels die volgende is wanneer lyfstraf toegedien word:

- Ter verbetering van die kind (100%).
- Om te vergeld (0%).
- Om leerlinge af te skrik (78,5%).
- Om orde en dissipline te bevorder (82,3%).

### 3.3.8 Tweerigtingfrekwensies

Tweerigtingfrekwensietabelle is gebruik om vas te stel watter verbande daar tussen die volgende twee aspekte bestaan:

- Die onderwysregskwalifikasies van die respondente (vraag 1.6) en die mags- en gesagsbasisse wat deur die respondente aangewend word. (Vrae 3.1 en 3.2 soos in tabel 3.9 vervat.) Daar is slegs gebruik gemaak van die gegewens wat die mees insiggewende was, naamlik die verband tussen die onderwysregskwalifikasies van die respondente en die gebruik van logiese afleidings vanaf beskikbare gesagsbronne, soos onder andere regulasies te kan maak.

- Die ouergesindheid op die platteland ten opsigte van die toediening van lyfstraf teenoor dié van die stedelike gebiede.

*TABEL 3.9: Verband tussen onderwysregskwalifikasies en korrekte interpretasie van gesagsbronne*

VRAAG 3.2: Hoe dikwels maak u gebruik van logiese afleidings om die bronne van gesag korrek te interpreteer?

| KWALIFIKASIES | ALTYD | | NIE ALTYD | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % |
| 1.6 Onderwysregskwalifikasies | | | | | | |
| Opleidingsgeleenthede bygewoon | 12 | 15,4 | 19 | 24,4 | 31 | 39,8 |
| Formele onderwysregskwalifikasies | 13 | 16,7 | 20 | 25,5 | 33 | 42,3 |
| Geen opleiding of kwalifikasies in Onderwysreg nie | 4 | 5,1 | 10 | 12,8 | 14 | 17,9 |
| Totaal | 29 | 37,2 | 49 | 62,8 | 78 | 100,0 |

f = Frekwensie Nulrespons = 1

#### 3.3.8.1 Verband tussen die onderwysregskwalifikasies en gebruik van logiese afleidings vanaf die beskikbare gesagsbronne

Na bestudering van die tweerigtingfrekwensietabel (vergl. tabel 3.9) wat die verband toon tussen die respondente se onderwysregskwalifikasies en die benutting van die mags- en gesagsbronne kon daar nie betekenisvolle verskille gevind word nie. Logiese

afleidings van die gesagsbronne is egter gekies vir 'n variansieanalise omdat dit tog geblyk het dat daar moontlik 'n betekenisvolle verskil kan wees.

'n Variansieanalise met Tukey is gedoen om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil is tussen respondente wat geen onderwysregkwalifikasie het nie, teenoor dié wat opleidingsgeleenthede bygewoon het en dié wat 'n formele onderwysregskwalifikasie het, ten opsigte van hul vermoë om logiese afleidings van statutêre bronne te maak. Uit die variansieanalise het dit geblyk dat geen betekenisvolle verskil tussen die volgende groeperings te bespeur is nie:

- Respondente wat geen opleiding in Onderwysreg of 'n onderwysregskwalifikasie het nie, ten opsigte van die maak van logiese afleidings.
- Respondente wat onderwysregsopleidingsgeleenthede bygewoon het ten opsigte van die maak van logiese afleidings.
- Respondente wat 'n formele onderwysregskwalifikasie het ten opsigte van die maak van logiese afleidings.

Dit blyk dus dat daar geen betekenisvolle afwyking oor die gebruik van logiese afleidings van gesagsbronne is tussen die respondente wat wel onderwysregskwalifikasies het, of opleidingsgeleenthede bygewoon het nie, en dié wat oor geeneen van bogenoemde beskik nie. Nogtans fouteer die respondente by die nakoming van die juridiese vereistes vir lyfstraf. (Vergl. tabel 3.6.)

'n Moontlike verklaring vir hierdie bevinding is dat die skoolhoofde van die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal waarskynlik nie die opleiding gehad het om korrekte interpretasies te maak van die beskikbare gesagsbronne soos beleidsdokumente en regulasies nie. Die afleiding word gemaak dat daar moontlik 'n leemte in die sillabusse van die onderskeie tersiêre instansies wat Onderwysreg aanbied, bestaan.

Die gestruktueerde telefoniese opnames wat by die tersiêre opleidingsinstansies in Onderwysbestuur in die RSA gemaak is, het getoon dat slegs twee van die instansies, naamlik die Universiteit van Pretoria en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO tans wette-uitleg as volledige komponent in die Onderwysreg kurrikulum aanbied. Hierdie komponent is egter baie resent en is waarskynlik deur min skoolhoofde bestudeer. Die ander opleidingsinstansies wat genader is vir die opname is SAKVO, RAU, US, UNISA, en UOVS.

### 3.3.8.2 Verband tussen die ouergesindheid ten opsigte van die toediening van lyfstraf op die platteland en in die stedelike gebiede

Vraag 3.7 wat handel oor ouerdruk is nie stiptelik geografies ingedeel nie en daarom kan daar nie noodwendig akkurate afleidings gemaak word nie. Dit wil tog vanuit die tweerigtingfrekwensietabelle voorkom asof daar nie 'n noemenswaardige verskil is tussen die ouergesindheid oor lyfstraf op die platteland en die stedelike gebiede nie.

## 3.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 is die navorsingsontwerp uiteengesit en verduidelik. Die vraelys is as meetinstrument bespreek, en die voor- en nadele van posvraelyste is aangetoon. Die gestruktueerde posvraelys is vir die ondersoek gebruik. Respondente is in 'n brief versoek om die vrae te beantwoord. Die vraelys bestaan uit drie afdelings, naamlik afdeling A (biografiese besonderhede 1.1 - 1.6), afdeling B (demografiese besonderhede 2.1 - 2.3) en afdeling C (opdragvrae 3.1 - 4.3).

Die data soos dit vanaf die respondente ontvang is, is verwerk in elke afdeling en die resultate is getabuleer om die bespreking te vergemaklik.

In hoofstuk 4 word 'n samevatting gegee van die geheel van die vorige hoofstukke. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word om hierdie ondersoek te voltooi.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING, BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN EVALUERING VAN LYFSTRAF AS FASET VAN DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

### 4.1 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is aandag gegee aan die probleemstelling, die doel van die navorsing, navorsingsmetodes, terreinafbakening en die program van die navorsing.

In hoofstuk 2 is die beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder in die sekondêre skool ten opsigte van lyfstraf, bespreek. Eerstens is die begripsverheldering van mag en gesag gegee. Hierna is 'n breedvoerige ontleding van die aard en wese van lyfstraf gemaak, en die doelstellings vir die toepassing van lyfstraf is geformuleer. Die volgende verwante temas is ook ontleed en nagevors:

- Opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf.
- Probleme met die toepassing van lyfstraf.
- Argumente ten gunste van lyfstraf.

Hoofstuk 3 handel oor die empiriese ondersoek. Die gestruktureerde vraelys wat gebruik is as meetinstrument is beskryf. Die doel van die vraelys is om vas te stel wat die stand van sake is ten opsigte van die toediening van lyfstraf in die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal. Die vraelys is gebruik om biografiese en demografiese gegewens en data oor lyfstraf in die Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal te bekom. Die response wat ontvang is, is ontleed en afleidings is gemaak.

Deur middel van gestruktueerde telefoniese opnames wat by die tersiêre opleidingsinstansies in Onderwysbestuur in die RSA gemaak is, kon vasgestel word of wette-uitleg wel as 'n volledige studie-eenheid in kurrikulums vir B.Ed. en M.Ed.-studente aangebied word. Dié verslag is gebruik om aanbevelings ten opsigte van die Onderwysregkurrikulum vir tersiêre opleidingsinstansies te maak.

Tweerigtingfrekwensies is gebruik om eerstens te bepaal of daar verbande is tussen die onderwysregskwalifikasies van die respondente (vraag 1.6) en die mags- en gesagsbronne van die respondente. (Vergl. vrae 3.1 en 3.2 in tabel 3.9.) Tweedens is daar ook na verbande tussen die ouerweerstand ten opsigte van lyfstraftoediening op die platteland teenoor die stedelike skole van die studiepopulasie gesoek.

## 4.2 BEVINDINGS

### 4.2.1 Bevindings op grond van die literatuurstudie

- Die handhawing van orde deur middel van die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof berus op die basis van mag en gesag. (Vergelyk 2.3.2 en 2.3.3.) Die vernaamste gesagsbronne is: Onderwysregulasies, departementele beleid, skoolbeleid en skoolreëls.

- Die in loco parentis-beginsel verkeer in verskeie lande onder groot druk. Sekere skrywers poog om die beginsel wat deur onderwysers ter verdediging in hofsake oor lyfstraf aangewend word, uit die wetboeke geskrap te kry (Fass,1986:40). Die beginsel druis volgens die teenstanders daarvan in teen die regte van die individu. Aan die ander kant beskou die voorstanders van die in loco parentis-beginsel dit as 'n waarborg vir orde en gesaghandhawing in skole omdat dit aan die onderwyser oorspronklike tugbevoegdheid bied asook beskerming indien lyfstraf toegedien word volgens die opvoedkundig juridiese riglyne wat daarvoor geld (Oosthuizen, 1992b:106-107).

- Skrywers verskil in hulle siening oor die gerigtheid van lyfstraf (Rich, 1989:150). Volgens Oosthuizen (1992b:138) word die gerigtheid van lyfstraf beskou as een óf 'n kombinasie van die volgende faktore: om te vergeld, verbetering, afskrikmiddel of voorkoming. Waar sommige skrywers slegs een van die bogenoemde beklemtoon, meen ander skrywers dat lyfstraf eerder gerig is op al vier die bogenoemde motiverings vir lyfstraf, alhoewel dit moontlik is dat die hier en nou vereis dat slegs een van bogenoemde uitgelig moet word. (Kyk 2.4.3.) Hierdie verskil hou waarskynlik verband met die verskillende sieninge van die skrywers oor die doelstellings vir lyfstraf.

- Die doelstellings vir die toepassing van lyfstraf, soos uiteengesit deur regter Muller in die saak van Rex vs. Muller is tweërlei: Eerstens gaan dit om die opvoeding

en verbetering van die kind wat toekomsgerig behoort te wees en tweedens om die instandhouding en welsyn van die inrigting. Die verabsolutering van menseregte bring mee dat skrywers hieroor verskil en volgens Rich (1988:261) slegs die eerste doelstelling huldig. Anon (1989:5) wys egter daarop dat 'n leerling benewens sy/haar regte ook verantwoordelikhede het teenoor die res van die skoolgemeenskap. (Vergl. par. 2.5.)

- Daar bestaan duidelike opvoedkundig-juridiese bepalings en riglyne vir lyfstraf in die RSA. Die belangrikste gesagsbron vir die bepaling van lyfstraf in skole word gevind in Regulasie 4(2) wat bepaal dat die strafregister van staatsondersteunde skole ter insae van die bestuursliggaam moet wees (Vergl. par. 2.6.)

- Lyfstraf op skool verkeer onder groot druk as tugmiddel en baie van die artikels wat oor lyfstraf verskyn, pleit om die afskaffing van lyfstraf (Heaton, 1987b:55, Labuschagné, 1991:36-39 en Bettencourt, 1982:54). Die aantasting van die kind se regte en die oorskryding van tugbevoegdheid word as hoofargumente aangevoer (Vergl. par. 2.7.)

- In lande waar 'n *Akte vir Menseregte* sterk na vore getree het, het die gesagsbasis ten opsigte van lyfstraf, wat deur die onderwysbestuurder aangewend is, of verval of verswak (Heaton, 1987b:55). Lyfstraf is ook in die meeste gevalle verban as tugmiddel op skool. In lande soos Brittanje en die VSA word daar reeds al hoe meer pleitdooie gelewer vir die terugbring van lyfstraf as tugmiddel in die skool, omdat die handhawing van orde en dissipline in skole een van die grootste opvoedkundige probleme geword het in hierdie lande (Anon, 1989:5).

#### 4.2.2 Bevindings van die empiriese ondersoek

Die bevindings wat hier gemaak word, geld slegs vir die Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole. Skole slegs vir meisies word uitgesluit (Vergl. 3.2.6) omdat lyfstraf nie deur hierdie skole toegedien word nie.

- Baie skoolhoofde woon opleidingsgeleenthede by waar onderwysbestuur as tema dien. 'n Groot persentasie hoofde besit 'n onderwysbestuurskwalifikasie terwyl 'n redelike persentasie hoofde 'n onderwysregskwalifikasie besit. (Vergl. tabel 3.2.) Daar is nog te veel hoofde wat nie in een van bogemelde geskool is nie en tekortkominge soos onder andere 'n gebrekkige kennis van die juridiese riglyne en vereistes vir lyfstraf toon. (Vergl. tabel 3.5 en tabel 3.6.) In 'n pos waaraan

daar soveel bestuursfunksies kleef, is dit wel noodsaaklik dat alle skoolhoofde goed gekwalifiseer is ten opsigte van onderwysbestuur en onderwysreg. (Vergl. 3.3.1.5 en tabel 3.2.)

- Skoolhoofde maak nie op outoritêre wyse van dwang en magsposisie gebruik om die gedrag, gesindhede of besluite van die leerlinge te beïnvloed nie. (Vergl. 3.3.3.1 en tabel 3.4.) Hulle maak eerder op hulle meerdere kennis, respek jeens hulle en op beloning staat. In uiterste gevalle word daar nog na die magsbasis van dwang en magsposisie gegryp. (Vergl. tabel 3.4.) Laasgenoemde magsbasis lewer vandag kontraproduktiewe gevolge veral binne die kader van die staatsondersteunde skool waar die demokratiese ouer-onderwyser-samewerking van kardinale belang is.

Die skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal gebruik nie almal die bestaande gesagsbronne tot hulle beskikking nie. (Vergl. 2.3.3.2.) Daar bestaan nog steeds 'n neiging by die skoolhoofde van die studiepopulasie om buite die grense van die gegewe gesagsbronne op te tree. (Vergl. tabel 3.4.) Hierdie skoolhoofde stel hulleself aan strafregtelike vervolging of privaatregtelike aksies bloot en moet kennis daarvan neem dat onkunde van die gesagsbronne nie as verweer dien in die howe nie.

Van die skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal vind dit nog moeilik om korrekte interpretasies vanaf bestaande gesagsbronne te maak en dit korrek toe te pas. (Vergl. tabel 3.4.) Dit is kommerwekkend dat baie van hierdie skoolhoofde wel oor onderwysregskwalifikasies beskik. (Vergl. tabel 3.9.)

Daar behoort 'n duidelike onderskeid getref te word tussen opvoedkundig juridiese riglyne en vereistes vir lyfstraf. (Vergl. 3.3.4 asook tabel 3.5 en tabel 3.6.) Die vereiste moet stiptelik nagevolg word tydens die toediening van lyfstraf terwyl die riglyne nie so stip voorskriftelik is nie.

Skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal handel nie almal volgens die gestelde riglyne en vereistes vir lyfstraf nie. In die saak van Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur en ander (1992) word die betrokke skoolhoof skuldig bevind omdat hy nie die juridiese vereistes ten opsigte van die oortreder se fisieke toestand en ouderdom nagekom het nie alhoewel hy al die ander (vergelyk 2.6.2.2) juridiese riglyne nagekom het. Skoolhoofde stel hulleself dus bloot aan strafregtelike vervolging wanneer hulle nie die dienooreenkomstige vereistes vir lyfstraf nakom nie.

- Lyfstraf verkeer nie onder druk vanaf ouerkant nie. 'n Mate van ouerdruk word deur hoofde ervaar wanneer daar gestraf word vir oortredings soos haarlengte. Bogemelde oortredings word waarskynlik deur ouers in 'n minder ernstige lig gesien, vandaar die druk om nie lyfstraf daarvoor toe te dien nie. (Vergl. 3.3.5.1 en tabel 3.7.)

  Geen druk of besware word vanaf ouers ontvang wanneer die skoolhoof lyfstraf toedien vir oortredings soos wangedrag of swak akademiese prestasies nie. Die meeste ouers is dus nie gekant teen lyfstraf as tugmiddel nie, maar sommige stem nie saam met sommige oortredings waarvoor lyfstraf toegedien word nie.

- Hofsake wat handel oor lyfstraftoediening in Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal, kom baie selde voor. Hierteenoor word heelwat klagtes ontvang oor lyfstraf wat toegedien is, alhoewel dit gewoonlik nie op 'n hofsaak uitloop nie. (Vergl. 3.3.5.2 en tabel 3.7.) Alhoewel die persentasie laag is, is dit tog vanuit 'n onderwysregtelike perspektief betekenisvol dat daar wel teen skole opgetree word indien die onderwyser sy tugbevoegdheid ten opsigte van lyfstraf oorskry.

- Die algemene gerigtheid by skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal wanneer lyfstraf toegepas word, is oorheersend ter verbetering van die kind. (Vergl. 3.3.7. en tabel 3.8.) Hierdie gerigtheid wat by die skoolhoofde teenwoordig is, sluit aan by die opvoedkundige doelstellings vir lyfstraf. (Vergl. par. 2.5.) Tog is daar 'n minderheid hoofde wat nie straf ter verbetering en instandhouding van die inrigting nie. (Vergl. tabel 3.8.) Hierdie tendens dui op 'n wegbeweeg van die verantwoordelikhede wat die individu het teenoor die skool as onderriginstansie en die oorbeklemtoning van die individu.

- Geen betekenisvolle verskil kon gevind word tussen die ouers op die platteland en dié in die stedelike gebiede ten opsigte van die mate waarin hulle gekant is teen lyfstraf nie. Dit blyk dus dat die geografiese verskille nie die ouers se houding vir of teen lyfstraf beïnvloed nie.

## 4.3 'N EVALUERING VAN LYFSTRAF AS FASET VAN DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOLHOOF IN SEKONDÊRE SKOLE

Oosthuizen (1992a:57) meen dat die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof op die basis van mag en gesag gebaseer is. Wanneer die skoolhoof oor die vermoë beskik om

ander se gedrag, gesindheid of besluit te beïnvloed, beskik hy/sy oor mag (Stoner, 1982:304). Gesag word deur God as Outeur van alle gesag, aan die skoolhoof gegee (Oosthuizen, 1992a:58). Statutêre reëlings struktueer die gesagsbronne binne die onderwys. Die onderwysbestuurder moet die mags- en gesagsbasis tot sy/haar beskikking aanwend om orde te skep binne die skoolgemeenskap sodat opvoedende onderrig kan plaasvind tot eer van God, die Skepper van orde.

Indien die benadering van die respondente met betrekking tot die benutting van die mags- en gesagsbronne geëvalueer word (vergl. tabel 3.4), spreek die volgende as bewys van die invloed wat gesagsbronne het op die beheersingsbevoegdheid van skoolhoofde:

- Die respondente maak merendeels gebruik van die betrokke gesagsbronne wat daargestel is vir lyfstraf. Daar bestaan wel 'n probleem dat van die skoolhoofde nie die regulasies, beleid en reëls kan interpreteer en toepas nie.
- Huidige gesagsbronne is voldoende om die statutêre reëlings vir lyfstraf in die RSA te reël. Die skole se spesifieke reëling vir lyfstraf word aangespreek in Regulasie 4(2).

Die vereistes vir lyfstraf word baie duidelik uiteengesit in Regulasie 4(1) van die Regulasies betreffende die beheer van leerlinge in skole en koshuise. Indien skoolhoofde die vereistes nougeset nakom, word hulle juridies beskerm. Die vereistes beskerm ook en veral die leerling wat lyfstraf ontvang, teen oormatige tugtoediening deur die skoolhoof. Probleme ontstaan wanneer hierdie vereistes geïgnoreer word of indien die skoolhoof sy/haar tugbevoegdheid oorskry (Bondesio *et.al.*, 1989:97).

Die empiriese ondersoek het ook getoon dat die skoolhoofde in Transvaal nie altyd die juridiese riglyne en vereistes vir lyfstraf op skool nakom nie (vergelyk 3.3.4.1 - 3.3.4.2 asook tabel 3.5 en tabel 3.6) soos blyk uit die volgende bevindings:

- Aspekte soos die geestelike en liggaamlike toestand van die kind word deur sommige hoofde buite rekening gelaat wanneer lyfstraf toegedien word. (Vergl. 3.3.4.1 en tabel 3.5.)
- Prosedures soos die byhou van die strafregister, plek van lyfstraftoediening, instrument waarmee lyfstraf toegedien word en gemagtigde wat die lyfstraf toedien word nie altyd nagekom deur al die hoofde nie. (Vergl. 3.3.4.2 en tabel 3.6.)
- Daar is skoolhoofde wat die perk van vyf houe oorskry. (Vergl. 3.3.4.2 en tabel 3.6.)

- Al die skoolhoofde is nie bewus van die uitbreiding op Regulasie 4(2) wat bepaal dat die strafregister van staatsondersteunde skole ter insae van die bestuursliggaam moet wees. (Vergl. 3.3.4.2 en tabel 3.6.)
- 'n Volledige onderhoud waar die oortreder kans kry om sy saak te stel, word nie in alle gevalle op sodanige wyse gevoer dat dit aan die regulasies vir die toediening van lyfstraf voldoen nie (Vergl. 3.3.4.2 en tabel 3.6.)
- Al die reëls van natuurlike geregtigheid word ook nie altyd nagekom deur al die skoolhoofde nie. (Vergl. tabel 3.5.) Soms kry die oortreder nie die geleentheid om sy saak te stel nie as gevolg van die outoritêre optrede van die skoolhoof nie. (Vergl. tabel 3.4.) Vooroordeel speel wel nog 'n rol by sommige skoolhoofde en vorige oortredings word ook soms in berekening gebring. (Vergl. 3.3.4.2 en tabel 3.6.)

Daar is egter nog te veel hoofde wat nie die juridiese vereistes en riglyne vir lyfstraf altyd nakom nie en nie alleen die kind benadeel nie, maar ook die beeld van die onderwys skade berokken.

Skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal se gerigtheid ten opsigte van lyfstraf is in ooreenstemming met die opvoedkundige doelstellings vir lyfstraf, naamlik ter verbetering van die Kind maar ook tot die welsyn van die inrigting. (Vergl. 3.3.7 en tabel 3.8.)

## 4.4 AANBEVELINGS

### 4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing

**□ Aanbeveling 1**

Die skoolhoof moet deeglik bewus gemaak word van die beskikbare mags- en gesagsbasis waarop sy/haar beheersingsbevoegdheid berus. Hierdie inligting kan die skoolhoof effektief steun in sy/haar taak om orde te skep in die skool en kan ook verseker dat die res van die personeel met die nodige mag en gesag sal optree sonder om dit te oorskry. (Vergl. 3.3.3.1 - 3.3.3.2 en tabel 3.4.)

**□ Aanbeveling 2**

Die kurrikuluminhoud vir die vakdissipline Onderwysreg behoort aangepas te word om hoofde in staat te stel om logiese en sinvolle afleidings uit bestaande gesagsbronne

te maak. Die invoeging van 'n volledige komponent oor die uitleg van wette behoort as onderafdeling ingevoeg te word by die sillabus vir Onderwysreg. Anders as Oosthuizen (1992:87) wat meen dat daar meer van gevallestudies gebruik gemaak moet word, is die skrywer van mening dat daar aan die volgende aspekte aandag gegee moet word:

- 'n Metodiek om inligting vanuit gesagsbronne te ontsluit met komponente soos wette-uitleg,
- die naslaan en interpretasie van veral regulasies en ook ander gesagsbronne,
- die opspoor van onderwysregsbegrippe uit regswoordeboeke, en
- onderwysregsbronne en die gebruikmaking van gratis of bekostigbare regsadvies.

□ **Aanbeveling 3**

Die in loco parentis-beginsel moet behoue bly omdat dit oorspronklike tugbevoegdheid aan die skoolhoof bied waarmee hy/sy orde kan skep en hou in die skool sodat opvoedende onderrig kan voortgaan.

Daar moet geleer word uit die foute van ander lande sodat dieselfde foute nie hier in die RSA herhaal word nie. In lande waar die in loco parentis beginsel onder groot druk geplaas is omdat dit die regte van die kind aantas, en lyfstraf in sommige gevalle afgeskaf is, is die skoolhoofde ook genoop om af te sien van sy/haar oorspronklike tugbevoegdheid. Die gevolg is dat die skoolhoof nie die gesagsbasis tot sy/haar beskikking effektief benut nie en uit vrees vir 'n moontlike hofsaak die orde en dissipline in die skool verwaarloos. (Vergl. 3.3.3.2 en tabel 3.4.) Kenmerkend van so 'n skool wat dissiplinêr verwaarloos is, is die geboubeskadiging, jeugmisdaad, gewelddadige aanvalle op mede skoliere en onderwysers asook swak akademiese prestasie. (Vergl. par. 2.8.)

□ **Aanbeveling 4**

Gebalanseerde lyfstraftoediening bevat elemente van al vier beweegredes wat in die studie genoem is, naamlik vergelding, verbetering, afskrikmiddel en voorkoming. Die toekomstige verbetering van die individuele opvoedeling behoort egter altyd die vertrekpunt te wees. (Vergl. 3.3.7 en tabel 3.8.)

- **Aanbeveling 5**

Die doelstellings vir lyfstraftoediening op skool behoort tweërlei te wees: eerstens moet dit gaan om die opvoeding en guns van die leerling en tweedens om die instandhouding en welsyn van die inrigting.

Die navorsing het getoon dat sommige navorsers die doelstelling vir lyfstraf slegs met die leerling verbind en nie die welsyn van die opvoedkundige inrigting in berekening bring nie (Prinsloo, 1990: 56). Hierdie navorsers verabsoluteer die reg van die leerling en ontken dat die leerling enige verantwoordelikheid het teenoor die skool as opvoedkundige instansie. Die welsyn van die opvoedkundige instansie moet wel altyd in berekening gebring word om dit te beskerm teen die kwajongstreke van die jeug alhoewel die opvoeding en guns van die individuele leerling voorkeur moet kry (Prinsloo, 1990:53-54).

Daar moet indringend na die kwessie van groeps- en individuele regte gekyk word soos vervat in die Suid-Afrikaanse Regskommissie se opsomming van die *Interimverslag oor groeps-en menseregte* (1991). Groepsregte moet gewaarborg word sodat die individuele regte van die individu (leerling) nie ten koste van die groep (skoolgemeenskap) verabsoluteer word nie.

- **Aanbeveling 6**

Die daarstelling van *'n Akte vir menseregte* kan meebring dat die opvoedkundig juridiese riglyne vir lyfstraf op skool aangepas sal moet word vir die staatsondersteunde skool, wat in Transvaal by verre die grootste persentasie van die sekondêre skole onder departementele toesig uitmaak.

Indien ouers die vrye keuse kan uitoefen waar hulle kinders skool kan bywoon, soos wat wel die geval is met die staatsondersteunde skool, sal dit wys wees om hulle tugbevoegdheid te delegeer aan die skoolhoof. Die keuse of lyfstraf toegepas moet word, sal dan ook deur die ouer gedoen word. Die bestuursliggaam, as statutêre liggaam wat die ouers verteenwoordig, sal hierdie besluit van die ouers monitor in die skool en beheer oor lyfstraftoediening uitoefen. (Vergl. 3.3.4.1-3.3.4.2 asook tabel 3.5 en tabel 3.6.)

Daar moet egter nie dieselfde fout gemaak word soos die geval was in Brittanje met die skep van "beatables" en "unbeatables" nie, 'n situasie wat gelei het tot diskriminasie

tussen die betrokke leerlinge. (Vergl. 2.7.1.) Bestuursliggame moet poog om konsensus by ouers te kry ten opsigte van lyfstraf op skool, sodat onderwysbestuurders konsekwent kan dissiplineer. So 'n besluit van die ouers moet dan in wetgewing vervat word sodat die Afrikaanse staatsondersteunde sekondêre skole in Transvaal hulle groepsreg tot lyfstraf kan verskans.

☐ **Aanbeveling 7**

Lyfstraf as opvoedkundige tugmiddel moet behoue bly binne konteks van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, of indien nie moontlik nie, moet die keuse minstens aan die onderskeie ouergroepe oorgelaat word. Lyfstraf op skool lewer ongetwyfeld nog 'n groot bydrae tot 'n goeie dissiplinêre klimaat in die skool waarin die onderrig-leerklimaat tot volle reg kan kom. Lande wat lyfstraf in skole verban het, ervaar ongekende probleme en talle navorsers wyt dit aan weens 'n gebrek aan dissipline. Pleidooie om lyfstraf in skole te herstel klink op in koerante en tydskrifte (vergelyk 2.8) terwyl president Reagan hierdie pleidooi as hoofverkiesingstema aangewend het vir sy presidentsverkiesing in 1984 (Hyman, 1984:39). Die RSA behoort hieruit te leer.

### 4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Op grond van die studie wat onderneem is, kan die volgende aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word:

- Die invloed van 'n *Akte vir menseregte* op die in loco parentis verhouding tussen die onderwyser en die leerling. Die druk waaronder bogenoemde verhouding verkeer, kan in die onderwysstelsel van lande bestudeer word. Hofsake kan ontleed word om vas te stel wat die besware is van die teenstanders van die in loco parentis-beginsel waarna die spanning wat individuele regte wek, bestudeer kan word.

- Die invloed van 'n *Akte vir menseregte* op die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof ten opsigte van sy interaksie met die skoolgemeenskap. Die statutêre reëlings wat geld vir ouer-onderwyser-samewerking met spesifieke verwysing na vergaderingprosedures asook die verandering wat die skoolhoof se mags- en gesagsbasis kan ondergaan, kan bestudeer word. Die bogenoemde aanbevelings het spesifiek betrekking op die tema van die skripsie en behoort dus gesien te word as aanbevelings wat daarop gemik is om die beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder te versterk en te verbeter.

## 4.5 SLOTOPMERKING

Hierdie navorsing is deurgaans uit 'n Christelike perspektief beskou en die omhoogleiding van die onvolwassene tot volwaardige Koningkryksburger is altyd vooropgestel. Dit is daarom nie onvanpas om die studie af te sluit met die volgende aanhaling uit Spreuke 30:15 nie: "'n Pak slae en 'n teregwysing bring wysheid maar 'n kind wat sonder dissipline groot word, steek sy moeder in die skande."

# BIBLIOGRAFIE

ANON. 1992. Rehoboth skoolhoofde pleit om dissipline. *Beeld*:6, Mei 27.

ANON. 1998. Regsposisie : Tug en dissipline. *Mondstuk*, 18(3030) :1 en 5 Mei.

BAUER, G.L. 1985. Restoring order to the public schools. *Phi Delte Kappan*, 66(7):488-490, March.

BAXTER, L. 1984. Administrative law. Cape Town : Juta.

BEACH, D.S. 1980. The management of personnel at work. London: Mac Millan Publishers.

BESTER, C.L. 1978. 'n Persoonlikheidsvergelykende studie van voorstanders en teenstanders van lyfstraf. Pretoria : RGN.

BETTENCOURT, M. 1982. The present in the past: The Concord Public Schools. *The Educational forum*, 57(1):48-58, Feb.

BONDESIO, M.J., BECKMAN, J.L., OOSTHUIZEN, I.J., PRINSLOO, J.G. & VAN WYK, J.G. 1989. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria : J.P. van der Walt.

BOWEN, B.E. & Mc CRACKEN, J.D. 1981. Maintaining effective classroom control in vocational education. *ERIC.*, 25(1):28-39, Jun.

BRAY, W. 1992. Human rights and education. *Suid-Afrikaaanse tydskrif vir opvoedkunde*, 12(1):16-25, Jan.

BRAY, W. 1988. Juridiese aspekte van onderwys-, skool- en klasbestuur. Pretoria : Unisa.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARSON, J.C. & OWEN, S. 1982. Parental attitudes concerning the use, ethics and legality of corporal punishment and rewards in the elementary classroom. *Research in education*, 4(3):2-9, Jun.

CLARKE, J., LIBERMAN-LASCOE, R. & HYMAN, I.A. 1982. Corporal punishment in school as reported in nationwide newspapers. *Child and youth services*, 4(1-2):47-55.

EBERLEIN, L. 1980. The teacher in the courtroom: new role expectation. *The Clearing House*, 53(6):287-291, Feb.

FASS, R.A. 1986. In loco parentis revisited. *Change*, 18(1):34-40, Jan/Feb.

GORTON, R.A. 1980. School administration: challenge and opportunity for leadership. Dubuque, *Iowa* : Wm. C. Brown.

GRIESSEL, G.A.J. 1975. Die gesagsverhouding in opvoedingsleerperspektief en fundamentele pedagogiek-perspektief. Pretoria : Unisa (Proefskrif - D.Ed.) 211p.

HAMMES, R.R. 1982. In loco parentis. *The Clearing House*, 56(1): 8-10, Sept.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., red.

HEATON, J. 1987a. Die tugbevoegdheid ten opsigte van kinders. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 50:398-411.

HEATON, J. 1987b. Aspekte rakende lyfstraf wat in skole toegedien word in stryd met die opdrag van 'n ouer. *SASK*, 11: 52-56.

HOFSAKE
kyk
REGSPRAAK

HOSTEN, W.J., EDWARDS, A.B., NATHAN, C. & BOSMAN, F. 1979 Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer. Durban : Butterworths.

HYMAN, I.A. & D'ALESSANDRO, J. 1984. Good old fashioned discipline : the politics of punitiveness. *Phi delta kappan*, 66(1): 29-43, Sept.

ILLINOIS STATE BOARD OF EDUCATION. 1983. 'Corporal punishment: An overview. *ERIC.*, 52(1):18-24, Feb.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J., PIENAAR, P. de V., RADEMEYER, J.H., STEYN, H.A. 1961. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria: J.L. van Schaik.

KELLY, P.C., WEIR, M.D. & FEARNOW, R.G. 1985. A survey of parental opinions oncorporal punishment inschools. *Journal of developement and behavioural pediatrics*, 6(3):143-145, Jun.

LABUSCHAGNE, J.M.T. 1991. Tugtiging van kinders: 'n strafregtelike prinsipiële evaluasie. *De Jure*, 24(1):23-43.

LANDMAN, W.A., *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Pretoria : Butterworth.

MENACHER, J., WELDON, W. & HURWITZ, E. 1989. School order and safety as community issues. *Phi Delta Kappan*, 71(1):39-40/55-56, Sept.

ODENDAL, F.F., *red.* 1979. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J. 1988. Regspraak in die onderwyspraktyk. Pretoria : Academica.

OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die onderwyser en die ouergemeenskap. (*In* Bondesio, M.J., *et al.* Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria : J.P. van der Walt. p. 101-117.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1992a. Beheersingsbevoegdheid van die onderwysbestuurder as 'n vereiste vir relevante onderwys in 'n toekomstige Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 12(1):57-61, Nov.

OOSTHUIZEN, I.J. 1992b. Die onderwyser en die leerling. (*In* Van der Westhuizen, P.C. *et al.*, Die beginneronderwyser : 'n bestuursjuridiese perspektief. Durban : Butterworths. p. 96-153.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1992c. Die onderwyser en sy professionele milieu. Onderwysreg, dl. iii. Potchefstroom : PU vir CHO (Klasaantekeninge 1992.)

OOSTHUIZEN, J.J. 1992. Die aanspreeklikheid van die onderwyser as 'n toesighouer by die skool se buitemuurse aktiwiteite. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Ed.) p. 1-103.

PRINSLOO, J.G. 1990. Die regte en pligte van die onderwyser. (*In* Geselekteerde temas in die onderwysreg: referate gelewer by die onderwysregsimposium op 7 Julie 1990 te PU vir CHO.) Potchefstroom : Sentrale Publikasies. p. 48-67.

REGSPRAAK: ONGERAPPORTEERDE SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. Buckingham vs. Minister van Onderwys en Kultuur 1992 saak no. 28029/90.

REGSPRAAK: NAMIBIESE HOFVERSLAE. Ex Parte Attorney-General 1991(3) 76 (Nms).

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R vs. Scheepers 1915 AD338.

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R vs. Muller 1948 (4) SA 848 (O).

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. S vs. Lekgathe 1982 (3) SA 104 (B).

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R vs. Schoombee 1924 TPD 481.

REGSPRAAK: SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE. R vs. Jacobs 1941 OPD 7.

REGSPRAAK: VSA HOFVERSLAE. Ingraham vs. Wright 430 U.S. 651(1977).

REGSPRAAK: VSA HOFVERSLAE. Baker vs. Owen 395 F. Supp.294 (M.D.N.C.), 423 U.S.907(1975).

RICH, J.M. 1989. The use of corporal punishment : *The Clearing House*, 63(4):149-152, Dec.

RICH, J.M. 1988. Punishment and classroom control. *The Clearing House*, 61(6):261-263, Feb.

RISNER, R.L. 1975. Student attitudes toward corporal punishment. (In Rich, J.M. 1989. The use of corporal punishment. Ph.D. diss. United States international university.)

ROBBINS, S.P. 1980. The administrative process. 2nd ed. Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall.

RSA
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek)

SENDOR, B. 1985. You may discipline kids for acting up outside of school, but don't lower their grades. *American school board journal*, 172(3):23, March.

SERGIOVANNI, T.J. & Starratt, R.J. 1988. Supervision: human perspectives. New York : McGraw-Hill.

SNYMAN, J.L. & Morkel, D.W. 1988. Strafprosesreg. Johannesburg: Juta.

STONER, J.A.F. 1982. Management. Englewood Clffs, NJ : Prentice-Hall.

SUID-AFRIKA (Republiek). Parlementêre redaksie. 1992. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1988. Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), no. 70 van 1988. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1990. Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), no. 70 van 1988. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Regskommissie van ondersoek oor menseregte. 1991. Opsomming van die interimverslag oor groeps- en menseregte. Pretoria : Staatsdrukker.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie, hfst. 35. Pretoria : Staatsdrukkers.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993. Handleiding vir algemene skoolorganisasie, hfst. 35. Pretoria : Staatsdrukkers.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993. Gazette, April. Pretoria: Staatsdrukkers.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1982-83. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom : Pro Media.

VAN WYK, J.G. 1992. Nuwe juridiese reëlings ten opsigte van lyfstraf. *Sinergie*,1:1-4.

VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Pretoria : Academica.

WIECHERS, M. 1984 Administratiefreg. Durban : Butterworths.

ZIRKEL, P.A., & Reichner, H.E. 1987. Is in loco parentis dead? *Phi Delta Kappan*, 68(6):466-469, Feb.

# BYLAE A

## VRAELYS

Kaartnommer 1 (1)

Vraelysnommer [ | | ] (2 - 4)

# VRAELYS AAN HOOFDE VAN SEKONDÊRE SKOLE

## ALGEMENE AANWYSINGS:

- Die vraelys word alleenlik deur die skoolhoof beantwoord.
- Die inligting wat met die vraelys bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik wees.
- Elke vraag moet asseblief beantwoord word.
- 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

## AFDELING A

**Vraag 1 : Biografiese besonderhede** (*Trek slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie.*)

| 1.1 Ouderdom: | | | |
|---|---|---|---|
| 25 - 30 jaar | | 1 | (5) |
| 31 - 35 jaar | | 2 | |
| 36 - 45 jaar | | 3 | |
| 46 - 55 jaar | | 4 | |
| Ouers as 56 jaar | | 5 | |

| 1.2 Onderwyservaring as hoof: | | | |
|---|---|---|---|
| 1 jaar | | 1 | (6) |
| 2 jaar | | 2 | |
| 3 jaar | | 3 | |
| 4 jaar en langer | | 4 | |

| 1.3 Aanstelling as hoof: | | | |
|---|---|---|---|
| Permanent | | 1 | (7) |
| Waarnemend | | 2 | |

| 1.4 Kategorie-indeling: | | | |
|---|---|---|---|
| C | | 1 | (8) |
| D | | 2 | |
| E | | 3 | |
| F | | 4 | |
| G | | 5 | |

| 1.5 Oor watter van die volgende onderwysbestuurskwalifikasies beskik u? | | | |
|---|---|---|---|
| Kursus | | 1 | (9) |
| Simposium | | 2 | (10) |
| B.Ed.-module | | 3 | (11) |
| M.Ed. | | 4 | (12) |
| D.Ed. | | 5 | (13) |
| Ander | | 6 | (14) |
| Geen | | 7 | (15) |

| 1.6 Oor watter van die volgende onderwysregskwalifikasies beskik u? | | | |
|---|---|---|---|
| Kursus | | 1 | (16) |
| Simposium | | 2 | (17) |
| B.Ed.-module | | 3 | (18) |
| M.Ed. | | 4 | (19) |
| D.Ed. | | 5 | (20) |
| Ander | | 6 | (21) |
| Geen | | 7 | (22) |

| 1.7 Geslag: | | | |
|---|---|---|---|
| Manlik | | 1 | (23) |
| Vroulik | | 2 | |

**AFDELING B**

**Vraag 2 : Demografiese besonderhede** (*Trek asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie.*)

| 2.1 Aantal leerlinge in die skool: | | | |
|---|---|---|---|
| 50 - 100 leerlinge | | 1 | (24) |
| 101 - 200 leerlinge | | 2 | |
| 201 - 300 leerlinge | | 3 | |
| 301 - 400 leerlinge | | 4 | |
| 401 - 500 leerlinge | | 5 | |
| 501 - 600 leerlinge | | 6 | |
| 601 - 700 leerlinge | | 7 | |
| 701 - 800 leerlinge | | 8 | |
| Meer as 801 leerlinge | | 9 | |

| 2.2 Ligging van skool (*Dui die naam van u dorp/stad aan.*): | | | |
|---|---|---|---|
| Stedelik (Pretoria ens.)..................................... | | 1 | (25) |
| Semi-stedelik (Klerksdorp ens.)..................................... | | 2 | |
| Platteland (Bethal ens.)..................................... | | 3 | |

| 2.3 | Skooltipe: | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.3.1 | Openbare skool | | 1 | (26) |
| 2.3.2 | Staatsondersteunde skool | | 2 | |
| 2.3.3 | Private skool | | 3 | |

## AFDELING C

**Vraag 3: Oorweeg die onderskeie alternatiewe in hierdie vraag deur 'n kruisie by die antwoord van u keuse te plaas.**

**Altyd = 1**

**Dikwels = 2**

**Selde = 3**

**Nooit = 4**

| 3.1 Hoe dikwels gebruik u die volgende om die gedrag, gesindhede of besluite van u skoolgemeenskap te beïnvloed? | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1.1 Dwang | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| 3.1.2 Beloning | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| 3.1.3 U meerdere kennis | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| 3.1.4 Die respek wat hulle vir u het | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |
| 3.1.5 Die magsposisie van u pos | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |

| 3.2 Hoe dikwels maak u van die volgende gebruik by die toediening van lyfstraf? | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.2.1 Onderwysregulasies | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |
| 3.2.2 Departementele beleid soos bv. omsendbriewe | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| 3.2.3 Handleiding vir algemene skoolorganisasie | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| 3.2.4 Skoolreëls | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| 3.2.5 Korrekte interpretasie van bogenoemde | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |

3.3 Wat is die maksimum aantal houe wat u toedien of laat toedien wanneer 'n leerling lyfstraf vir 'n ernstige oortreding ontvang?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 hou | | 1 | (37) |
| 2 houe | | 2 | |
| 3 houe | | 3 | |
| 4 houe | | 4 | |
| 5 houe | | 5 | |
| 6 houe | | 6 | |
| 7 houe | | 7 | |
| Meer as 7 houe | | 8 | |

3.4 Hoe gereeld word 'n onderhoud gevoer met 'n leerling wat aangekla word van 'n oortreding wat lyfstraf regverdig?

| Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |

3.5 In watter mate word die volgende wel toegepas indien u 'n onderhoud het met die leerling wat oortree het?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.5.1 Slegs tersaaklike feite word genoem | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |
| 3.5.2 Die onderhoudvoerder is vry van vooroordeel | 1 | 2 | 3 | 4 | (40) |
| 3.5.3 Leerling kry geleentheid om saak te stel | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| 3.5.4 Leerling word verwittig van die redes waarom hy lyfstraf gaan ontvang | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |

| 3.6 | In watter mate word die besluit of u lyfstraf gaan toepas of nie deur die volgende aspekte van die betrokke leerling beïnvloed? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 3.6.1 | Ouderdom van die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| 3.6.2 | Fisieke toestand van leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| 3.6.3 | Vlak van intelligensie | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| 3.6.4 | Eerste oortreding of nie | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |
| 3.6.4 | Geestelike omstandighede van die leerling | 1 | 2 | 3 | 4 | (47) |

| 3.7 | In wattter mate ondervind u probleme en/of druk vanaf ouerkant wanneer u lyfstraf vir die volgende toedien? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| 3.7.1 | Stokkiesdraai | 1 | 2 | 3 | 4 | (48) |
| 3.7.2 | Haarlengte nie korrek | 1 | 2 | 3 | 4 | (49) |
| 3.7.3 | Wangedrag | 1 | 2 | 3 | 4 | (50) |
| 3.7.4 | Konfrontasie met onderwysers | 1 | 2 | 3 | 4 | (51) |
| 3.7.5 | Swak akademiese prestasie | 1 | 2 | 3 | 4 | (52) |

| 3.8 | Was u skool al ooit, na u wete, in 'n hofsaak oor lyfstraf betrokke? | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Ja | | 1 | (53) |
| | Nee | | 2 | |

| 3.9 | Hoe gereeld word 'n klag teen 'n lyfstrafsaak waarby u skool betrokke is aanhangig gemaak, maar loop nie noodwendig op 'n hofsaak uit nie? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | (54) |

**Vraag 4: Oorweeg die onderskeie alternatiewe deur 'n kruisie by die antwoord van u keuse te plaas.**

| 4.1 Is u lyfstrafregister ter insae van die bestuursliggaam van u skool? | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | 1 | (55) |
| Nee | | 2 | |

4.2 Hoe dikwels kom u die volgende na wanneer u lyfstraf toedien in u skool?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.2.1 Voltooiing van die lyfstrafregister | 1 | 2 | 3 | 4 | (56) |
| 4.2.2 Lyfstraf slegs in u kantoor of in 'n gemagtigde se kantoor | 1 | 2 | 3 | 4 | (57) |
| 4.2.3 Lyfstraf slegs met die voorgeskrewe rottang | 1 | 2 | 3 | 4 | (58) |
| 4.2.4 Slegs u of u gevolmagtigde dien lyfstraf toe | 1 | 2 | 3 | 4 | (59) |
| 4.2.5 Ander leerlinge word uitgestuur | 1 | 2 | 3 | 4 | (60) |

4.3 Hoe dikwels is die volgende motiewe by u teenwoordig wanneer u lyfstraf toedien?

| | Altyd | Dikwels | Selde | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.3.1 Ter verbetering van die kind | 1 | 2 | 3 | 4 | (61) |
| 4.3.2 Om te vergeld | 1 | 2 | 3 | 4 | (62) |
| 4.3.3 Om leerlinge van verdere oortredings af te skrik | 1 | 2 | 3 | 4 | (63) |
| 4.3.4 Om die orde en dissipline van die skool te bevorder | 1 | 2 | 3 | 4 | (64) |
| 4.3.5 Ander (*spesifiseer*).................... | 1 | 2 | 3 | 4 | (65) |

# BYLAE B

## BRIEF AAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS, TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Posbus 22
BETHAL
2310

24 November 1992

Die Uitvoerende Direkteur
AANDAG: Buro vir Onderwysnavorsing
Transvaalse Onderwysdepartement
Privaatsak X76
PRETORIA
0001

**Dr. M.M.E. Mattheus**

**INSAKE: VRAELYS AAN HOOFDE VAN SEKONDÊRE SKOLE - LYFSTRAF AS FASET VAN DIE SKOOLHOOF SE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID IN SEKONDÊRE SKOLE**

Graag vra ek u toestemming om bogemelde vraelys aan die hoofde van die Transvaalse sekondêre skole te stuur om te voltooi met die oog op my M.Ed.-navorsing (Onderwysbestuur: Onderwysreg).

Die studie behels 'n gedoseerde M.Ed. met 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Die tema vir die studie is *Die beheersingsbevoegdheid van die skoolhoof in die sekondêre skool ten opsigte van lyfstraf* en het ten doel om die hele problematiek rondom lyfstraf in skole, veral wat die onderwysregtelike grondslag daarvan betref, van nader te bekyk.

Die vraelys sal waar moontlik gepos of persoonlik oorhandig word vir afhandeling. Alle inligting van skole sal vertroulik wees en geen skool se naam sal bekend gemaak word nie.

Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Die uwe

**JJDuP VAN RENSBURG**

# BYLAE C

## TOESTEMMINGSBRIEF VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS, TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE
ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT
ONDERWYSNAVORSINGSBURO

Navrae:
Enquiries: Dr. M.M.E. Mattheus
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2/33/93
Tel.: (012) 317-4062

TOD-gebou
TED Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 0001

15 April 1993

Mnr. J.J. du P. van Rensburg
Hoërskool Hoogenhout
Posbus 22
BETHAL
2310

Geagte mnr. Van Rensburg

**DIE BEHEERSINGSBEVOEGDHEID VAN DIE ONDERWYSBESTUURDER IN DIE SEKONDêRE SKOOL TEN OPSIGTE VAN LYFSTRAF**

U gefaksimileerde skrywe gedateer 1992-11-24 en u skrywe gedateer 1993-03-30 wat ons op 1993-04-14 ontvang het, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om die vraelys deur 109 hoofde van sekondêre skole soos deur u geïdentifiseer, te laat invul (vgl. aangehegte lys).

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.
- U moet hierdie brief aan die skoolhoofde toon as bewys daarvan dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag dit nie gebruik om hulle samewerking te probeer afdwing nie.
- Die name van die skoolhoofde en skole mag nie in u navorsing vermeld word nie.
- Slegs die bladsye van die vraelys waarop wysings aangebring is, is vir u aandag ingesluit.

Na voltooiing van u navorsing moet u die Departement asseblief van 'n gebinde kopie daarvan voorsien. Ons sal dit waardeer as u 'n artikel wat op u navorsing gebaseer is, aan ons sal voorlê vir moontlike publikasie in die Onderwysbulletin.

Verwys asseblief in enige toekomstige korrespondensie met die Transvaalse Onderwysdepartement in hierdie verband na die TOA-nommer soos aan die begin van hierdie brief aangedui.

Sterkte met u navorsing.

Namens UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

# BYLAE D

## BRIEF AAN DIE SKOOLHOOFDE VAN TRANSVAALSE SEKONDÊRE SKOLE

Geagte meneer

**VRAELYS: M.Ed.-Navorsing**

Ondergetekende is tans besig met 'n empiriese ondersoek oor *Lyfstraf as faset van die onderwysbestuurder se beheersingsbevoegdheid* gesien vanuit 'n onderwysregtelike perspektief. U sal waarskynlik saamstem dat hierdie studie tans resent en noodsaaklik is veral omdat lyfstraf as tugmiddel onder groot druk verkeer.

Ingeslote vind u 'n vraelys wat aan Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal gestuur word. Die doel daarvan is om die houding van ons skoolgemeenskappe ten opsigte van lyfstraf vas te stel, asook om inligting oor die onderwysregtelike benadering van ons onderwysbestuurders te bekom.

Skriftelike toestemming is van die TOD (Buro vir Onderwysnavorsing) ontvang (brief aangeheg).

Met die besef dat u 'n besige program het, versoek ek u beleef om hierdie vraelys so gou dit vir u moontlik is, in te vul. Daar word gevrees dat wetgewing in verband met lyfstraf binnekort kan verander, wat hierdie hele studie kan beïnvloed. Daar word ook gepoog om die studie te betrek in die argument of lyfstraf in ons Afrikaanse skole behoue moet bly, al dan nie. Dit sal dus hoog op prys gestel word indien u die vraelys voor 28 April kan terugstuur in die ingeslote gefrankeerde koevert.

Wees verseker dat alle inligting as vertroulik gehanteer word en dat geen persoon of instansies bekendgemaak sal word nie.

U samewerking word waardeer.

**J.J. DuP. VAN RENSBURG**